

Anriëtte de Ridder
 oor geloofsvorming
 en nuwe maniere
 om kennis oor
 te dra.
 – Bl 15



KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

19 Maart 2021

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 206 – Nummer 4



Covid-19: 'n Jaar later

Het ervaring ons gelei na wysheid?
 Anton Knoetze doen verslag op bl 6

Help kinders om verlies en angstigheid te hanteer

Bybel-Media se nuutste reeks kinderboeke help kinders met die moeilike situasies van die lewe.



Die klip in Lisa se borskas

Lisa se kleurrike storie help ons om met kinders oor die dood te praat. Ons kan hulle verseker dat die liefde nooit weggaan nie.

Lisa se storie herinner ons die liefde is altyd sterker as die dood.




Ben en die drakie

Ben se kleurrike storie help ons om met kinders oor hulle angsdrakies te praat. Ons kan hulle leer hoe om hulle drakies te tem.



Ben se storie herinner ons dat ons wonderlik gemaak is.



NG predikante kan ook aansoek doen om entstof te ontvang

JACOBIE M HELENA

NG predikante kan ook aansoek doen om as werkers in die voorste linie geklassifiseer te word om die Covid-19-entstof te ontvang.

Dit kom na 'n versoek van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) om predikante, priesters en pastore die

geleentheid te gee om, met die gebruik van hulle eie diskresie, hulle besonderhede aan die SARK deur te gee indien hulle oortuig is dat die aard van hulle bediening sodanig is dat die intenting nie net vir hulleself beskerm nie, maar ook vir die mense wat hulle bedien, volgens 'n brief van dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG

Kerk aan NG predikante.

Claassen maak ook melding van nuusberigte in die media wat aanvoer dat predikante onregverdig bevoordeel word en die geleentheid misbruik om aansoek vir 'n entstof te doen. *Rapport* het twee weke gelede berig dat "Politici, premiers en predikante wou indruk in die entstof-ry", maar

dat die Medisynebeheerraad ingegryp het. Dié verwarring het ontstaan weens 'n verklaring wat deur president Cyril Ramaphosa uitgereik is dat "premiers, LURe en leiers uit die burgerlike samelewing, geloofsorganisasies en tradisionele leiers" in die openbaar ingeënt sal word, het *Rapport* berig.

Wat sê Kerkbode-lesers op Facebook?

Geloofsleiers het nou die opsie om aansoek te doen om hulleself te laat klassifiseer as werkers in die voorste linie om vroeër die entstof te ontvang. Kerkbode het vir haar Facebook-lesers hulle mening oor dié saak gevra.

Carin van Schalkwyk

Ek dink dit hang baie van 'n mens se konteks af en van waar jy werk. As ek byvoorbeeld 'n begrafnis hou is ek effektief uit die bediening vir 10 dae, want niemand steur hulle in sulke situ-

asies aan die protokolle en sosiale afstande nie. Ek was twee weke gelede in 'n situasie waar ek letterlik in 'n huis moes in beweging waar 'n familie 'n sterfgeval gehad het, net om twee dae later uit te vind die sterfgeval was Covid-variant. Die helfte van die familie met wie ek daardie dag gepraat het, het ook Covid-positief getoets. Ons wat kruiskultureel op die platteland bedien, werk in die voorste linie, want jy kan nie weier om mense wat rou te besoek nie en jy weet nie wat jy op 'n Saterdag by 'n begrafnis gaan vind nie.

Janthinus Schrage

Kerkbode dankie! Ons moet onthou, hierdie is 'n visa versa scenario. Ons

vind onself binne 'n pandemie en aan beide kante is daar risiko. Predikante moet hulle welstand bestuur, net soos gemeentede hulle eie welstand moet bestuur.

Stefaan de Jager

Onder "werkers in die voorste linie" verstaan ons alle dokters, verpleeg- en hospitaalpersoneel en enigiemand anders wat fisies met Covidpasiënte te doen het. Indien ons dit wyer as dit sou vat, sal begrafnisondernemers, onderwysers, mense wat by kasregisters van byvoorbeeld supermarkte werk, tradisionele genesers, sielkundiges en ander werkers in die geesteswetenskappe almal 'n saak

daarvoor uit te maak hê dat hulle voorstelnie werkers is. As NG predikante uitgesonder sou word, sou ander in die gemeenskap dalk met reg kon voel dat dit misbruik van 'n posisie is. Die dominee moet ook maar sy masker ophou, fisiese afstand handhaaf, saniteer en doen wat almal doen en hulle beurt af wag saam met die ander.

Pieter Gabriel van Zyl

Ons gewone lidmate (vernaam die ouer lede) is maar altyd op soek na die vertroosting wat predikante vir ons bedien – ja, hulle is beslis in die frontlinies en ons sal wel die versekering wil geniet dat ons "troosters" veilig is.

Hier kry jy koffie, maar ook 'n oor wat luister

'n Stowwerige stoorkamer by die NG gemeente Oostersee is onlangs in 'n byderwetse "connecting point" omskep en bied koffie, iets ligs te ete en 'n oomblik van stilsit by 'n oor wat wil luister, vertel JACOBIE M HELENA na 'n besoek aan Ginger Tree Coffee in Parow, Kaapstad.

Gerhard Barnard vertel dat hy die stoorkamer destyds in 'n klein jeuglokaal omskep het, maar toe hy vir 'n jaar in Texas in Amerika gaan werk het, het die lokaal in onbruik verval. Terug op eie bodem en weer in diens van sy grootwordgemeente, besluit hy om vir die kerkraad te vra of hy nie die lokaal by die gemeente kan huur en in 'n koffiewinkel omskep nie. Vandag is hy die eienaar van Ginger Tree Coffee, en ook jeugwerker by Oostersee-gemeente.

Hoewel Ginger Tree nie formeel aan die gemeente gekoppel is nie, is dit vir Barnard 'n bedieningsplek waar hy sy gesedrif vir bediening, mense en koffie daaglik kan uitleef. Die lokaal kan steeds die funksie van 'n jeuglokaal

dien, maar tydens werksure as 'n koffiewinkel bedryf word waar mense in die gemeenskap, ook gemeentede, met mekaar kan connect. "Dit help my ook om meer in tune met die gemeenskap te wees. Mense kom vertel stories wat niemand anders hoor nie. Ook mense wat nie gereeld meer kerk toe gaan nie kom hierheen en gee ons weer die geleentheid om met hulle te gesels. Ek is nie die tipe persoon wat vir iemand gaan vra hoe lyk jou geloof, bid jy of hoe voel jy oor Jesus nie, maar ek is iemand wat hou daarvan om na mense te luister," vertel Barnard opgewonde.

Barnard het die ruimte self omskep en byna alle meubels in die plek self gemaak. Die een sithoekie was byvoorbeeld eers 'n kas in die jeuglokaal waarvan die kasdeure nou die tafels is. Barnard se vriendin Meghan Jansen van Rensburg, 'n kunsvrou by Laerskool De Tyger, het hom met die binnenshuiseversiering gehelp. "Meghan het sketse van geboue in die omgewing soos Karl Bremer-hospitaal en die Oostersee-kerkgebou gemaak wat teen die mure hang om die karakter van die omgewing te weerspieël," verduidelik Barnard terwyl hy na die wit-en-swart sketse teen die mure wys.



En die naam Ginger Tree Coffee? Die eienaar Gerhard Barnard (links) lag, want almal vra hom oor die vreemde naamkeuse. Hy vertel dat hy die afgelope paar jaar vir die boom net buite die koffiewinkel spesiaal sorg. "Ek weet nie watter tipe boom dit is nie, maar 'n sekere deel van die jaar verkleur die boom in 'n mooi gemmerkleur. Ons het al 'n paar keer gedink die boom gaan dood, maar met kos en gereelde water loop daar altyd weer groen takke en blare uit. Ek het gedink dis 'n gepaste naam," voeg Barnard by. Foto's: Jacobie M Helena

Jan du Rand, skerp teoloog en skrywer, sterf aan Covid-19

Met die afsterwe van prof Jan du Rand op 9 Maart 2021 in die Kloofhospitaal te Pretoria weens Covid-19, beleef die NG Kerk 'n hartseer oomblik, berig GERDRIE VAN DER MERWE.

Prof Jan du Rand word onthou as 'n briljante Nuwe-Testamentikus, deurwinterde teoloog en 'n gewaardeerde vriend. Met sy fyn humorsin en spitsvondige seggingskrag, kon hy 'n situasie reg opsom en verwoord. Hy was iemand met akademiese integriteit, 'n ondersoekende gees met 'n uitgesproke Bybelse vertrek- en standpunt. Sy geskifte is 'n kosbare nalatenskap en bly 'n geestelike rots waaruit lewende water vloei uit die Nuwe-Testamentiese skatkamers.

Du Rand het vroeg in sy lewe 'n akademiese liefdesverhouding met die Johannesburgse geskifte aangeknoop, 'n kosbare magnetiese verbintenis oor vyftig jaar wat hy tot die einde toe koester. Met sy oorstap na die Hemelstad beleef prof Jan 'n onbeskryflik-heerlike tasbare geloofswerklikheid, die omhelsing van die oorwinningsteken van Openbaring, soos verwoord in die 2020-Bybelvertaling waaraan hy met vrug meegewerk het.

Jan Abraham du Rand is op 3 Augustus 1945 gebore in Pretoria en bring die eerste sewe jaar van sy lewe deur op Upington, waar sy vader as siviele ingenieur werk. Jannie en Marie du Rand met hulle twee kinders, Jan en Dorothea, woon op 'n kleinhoewe waar hulle liefde vir diere en die grond gevestig word. Jan beleef aan sy eie lyf wat gehoorsaamheid aan die Here beteken, toe hulle na Pretoria verhuis omdat sy vader geroepe voel om predikant te word en deelyds studeer. Later word ds JA du Rand op veertigjarige leeftyd predikant en is 'n geliefde pastor in die NG Kerk.

Die jong Jan du Rand begin in 1952 met sy skoolloopbaan aan die Laerskool Generaal Jacques Pienaar, waar hy hoofseun word en geïnspireer word deur mnr Combrink, vader van prof Bernard Combrink van Stellenbosch. Jan is later leerling aan die Hoërskool Wonderboom, waar hy in 1963 met vyf onderskeidings matrikuleer. Hy wou chemiese ingenieur word, maar na 'n ernstige motorongeluk aan die einde van standerd agt, besluit hy finaal om in die voetspore van sy vader te volg en predikant te word in die NG Kerk.

Jan studeer aan die Universiteit van



Prof Jan du Rand.

Foto: Amazon

Pretoria, waar hy die BA en Honneurs in Grieks verwerf. Hy is student aan die Fakulteit Teologie (Afd B), verwerf die BD-graad en is voorsitter van die teologiese vereniging Deo Gloria. Hy word aan die einde van 1970 as proponent van die NG Kerk geëligtimeer. As leier van 'n ASB-toer, ontmoet hy Anneli van der Walt, 'n plaasmeisie van die Springbokvlakte, met wie hy in 1971 trou. Hy behaal tegelyk die MA-graad in Grieks en die DD-graad in Nuwe Testament en is prediker in die NG Gemeente Kinross. Op 20 Januarie 1973 word hy met handoplegging bevestig in die NG Gemeente Krokodilrivier op Brits, waar hy 'n predikant is wat op voetsoolvlak mense se lewe aanraak tot met sy vertrek na die akademiese wêreld.

In 1976 word hy dosent aan Tukkies se Fakulteit Teologie, waar hy Bybelkunde doseer. Dit is 'n verrykende en vormende ervaring as jong akademikus en in 1977 doktoereer hy met die proefskrif: "Entolé in die Johannesevangelie en -briewe". Hy het toe reeds 'n Johannesburgse antenna ontwikkel wat hy met oorgawe kon hanteer. 'n Skerp draai kom op sy pad toe dr Jan en Anneli du Rand met hulle drie dogters, Ingri, Mari en Janet, na Bloemfontein verhuis waar hy in 1980 hoof word van die Departement Nuwe Testament aan die nuutgestigte Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Op 'n besondere wyse word die grondslag gelê deur professore Mias de Klerk, Evert Kleynhans, Koos Smit, Mauritz Kloppers, Pieter Potgieter en Jan du Rand. Kovyies het ruim geleentheid vir prof Jan geskep om nasionaal en internasionaal met sy Johannesburgse navor-

sing voort te gaan, onder andere deur beurse vir oorsese studiebesoeke. Die vestiging en uitbou van 'n nuwe teologiese biblioteek is aan prof Jan toevertrou. Die kerklike betrokkenheid van die fakulteit het aan die akademie 'n eie waarde en gerigtheid gegee.

In 1989 word prof Jan as professor in Bybelkunde aangestel by die Randse Afrikaanse Universiteit in die Goudstad. Toe dit later die Universiteit van Johannesburg word, het nuwe geleenthede gewink, aangesien die universiteit se nuwe leierskap berekend op navorsing gefokus het. Aan die einde van 2009 tree prof Jan amptelik af en word buitengewone professor in Nuwe Testament aan die Noordwes-Universiteit, die Universiteit van Pretoria en die Northpark Theological Seminary in Chicago. Hy sou einde Mei 2021 finaal aftree by die Noordwes-Universiteit.

"Hy was alleenouteur van 42 publikasies waarvan die mees prominente *Die A-Z van Openbaring* en *Die Einde is*," het **Netwerk24** berig.

"Du Rand is vier keer met die Andrew Murray-pryse vir teologiese publikasies vereer, waarvan twee keer in sy hoedanigheid as alleenouteur en twee keer as mede-outeur," het die nuusdiens op 10 Maart berig.

Prof Jan du Rand was 'n veelsydige mens met vele belangstellings soos skilder met olie verf, houtbrandwerk, paneelklop, teel van skoubudjies, tennis en gholff. Hy is ook 'n gesinsman by uitstek en ondersteun sy vrou Anneli in haar jarelange kankerstryd. Soos baie ander Suid-Afrikaanse ouerpare, beleef hulle ook die hartseer dat al drie hulle dogters oorsee woon en dit nuwe uitdagings meebring.

Ongeveer drie weke voor sy dood word prof Jan met longprobleme opgeneem en toe hy Covid-19 opdoen, word sy gesondheid so aangetas dat dit 'n glybaan word wat sy einde verhaas. Ons groet swaar aan hierdie briljante teoloog en geliefde dienskneg van die Here. Ons bid die Here se troos toe aan sy vrou Anneli, drie dogters en nege kleinkinders.

In 'n WhatsApp-boodskap kort voor sy dood, skryf prof Jan aan ons klasgroep: "Dankie vir die diepgang boodskappe. Wat ook vannag vir my wag, julle gebede dra my. Ja, kom ons haal asem uit die diepgang van sy groot onverdiende genade. In Hom!!! jdr". So eindig 'n merkwaardige lewe wat getuig van God se genade.

Droogte: Jasper na die reën

JACOBIE M HELENA

Na Bybel-Media se besoek aan Britstown vroeg in 2020, het *Kerkbode* weer met een van die boere, Jasper Visser, gesels om te hoor hoe dit nou by hom op die plaas Schilderspan gaan.

"Ons het in Januarie 40-50 mm reën oor 'n deel van die plaas gekry. Só dankbaar!" laat Visser via 'n WhatsApp-boodskap hoor. Hy vertel verder: "Op die oomblik gaan dit goed op die plaas in terme van weiding. Ons is dankbaar vir goeie reën wat in Januarie oor die helfte van die plaas geval het. Die weiding is daar regtig mooi. Verder is daar 'n kwart van die plaas wat redelike weiding het en op die laaste kwart is dit nog so swartdroog soos wat dit voorheen met julle besoek was. Maar tans stoei ons ook met 'n sprinkaanplaag van 'n ernstige skaal," beskryf Visser die omstandighede op Schilderspan. Die sprinkaanplaag is tans besig om verwoesting oor groot dele van die Noord-Kaap te saai, het **Netwerk24** op 21 Februarie vanjaar berig.

Maar die sprinkaanplaag is tydelik en hanteerbaar, laat Visser vinnig hoor. "Jy weet dit gaan eindig op 'n tyd, maar met die droogte weet jy nie wanneer dit gaan eindig nie. Dit is nie so aanhoudend soos die droogte nie," verduidelik hy.

Ná 'n jaar van knellende droogte en 'n bietjie verligting hier en daar hou Visser steeds vas aan Romeine 5:5 waar daar staan dat die hoop nie beskaam nie. "Die onlangse reën bring verligting, maar ek het gewonder hoekom die Here op sekere plekke dit laat reën en nie oral op die plaas nie. Maar toe ek en my vrou, Ideka, die 28ste Januarie Kaap toe gery het, het ek gesien die groen veld stop eintlik maar by Vosburg. Daar is een kolletjie weiding van 8 km tussen Carnavon en Williston, maar in die res van die gedeelte van Britstown tot by die Ceres-Karoo is daar geen weiding nie. Dit is swartdroog by daardie mense. En dit het my net laat besef om vir die Here net dankie te sê. Dankie dat ons wél reën gehad het, al is dit nou nie op die hele plaas nie. Ten minste is daar verligting vir ons. Dís net genade, het Visser gesê.

Die volgende Kerkbode verskyn op 23 April 2021.



Jaco Strydom gesels met **Roelf Meyer**

Roelf Meyer: Uitdagings van vredemaak

“**R**oelf (Meyer) het ’n gawe om uiteenlopende mense om ’n tafel te kry om met mekaar te praat, selfs vyande en mense wat mekaar beskou as droogmakers,” vertel Schalk van Heerden wat hom leer ken het by die Foundation for a Safe South Africa.

Roelf en sy vrou is tans op Kakamas met ’n tipe sabbatsverlof. Maar daar is min tyd vir afskaf.

Roelf het al belangrike politieke posisies bekleed, was onder andere Minister van Verdediging en later Minister vir Konstitusionele Ontwikkeling, maar hy het uiteindelik internasionale bekendheid verwerf as vredemaker. Veral vir die sleutelrol wat hy gespeel het in die onderhandelings om die apartheidregime vreedzaam tot ’n einde te bring.

Vandag is Roelf onder andere die direkteur van In Transformation Initiative (ITI), ’n organisasie sonder winsbejag met die hoofdoel om Suid-Afrika se oorgangservarings met ander plekke in konflik te deel ten einde vreedsame oplossings te help vind. Hy was al betrokke by versoeningsgesprekke en -projekte in Noord-Ierland, Sri-Lanka en Kosovo en op die oomblik is hy saam met ITI werksaam in Zimbabwe, die Sentraal-Afrikaanse Republiek, Palestina en Mianmar.

Ek vra hom oor die staatsgreep in Mianmar.

Wat nou daar gebeur is vir hom ’n emosionele saak, want dit lyk of alles nou weer terug is by waar dit was voor 2014. Roelf vertel hoe hy vir ’n tyd lank nou saam met Aung San Suu Kyi, wat tans in gevangenskap is, gewerk het.

Roelf het grootgeword op ’n plaas naby Ficksburg. Voor skool was sy enigste maatjie op die plaas ’n swart seuntjie. “Ons het grootgeword soos boeties, daar was geen verskil nie,” sê hy. Maar hy is onseker oor die werklike invloed daarvan op sy vorming, die groot ontnugtering oor apartheid het eintlik eers veel later gekom, toe hy as prokureur begin werk het.

Roelf vertel dat die kern van alles wat hy in sy lewe tot dusver as “suksesvol” kon beskou altyd opgesluit was in die beginsel van goeie verhoudings.

“Ek het op universiteit ’n leier geword sonder dat ek dit verwag het. Ek het glad geen verwagtings gehad nie, want ek was nie ’n skoolleier nie. En toe skielik op universiteit beland ek in ’n posisie waar ek agterkom ouens aanvaar my as iemand wat kan leiding gee. Dit alles as gevolg van goeie verhoudings.”

Volgens Roelf is een van die grootste uitdagings vir ’n beter Suid-Afrika vandag, om die middelgrond te versterk. Ons gesels oor die groei in populisme en die gevare wat dit inhou, juis omdat dit polariseer en die middel verder laat wegval.

“Die tragedie wat gebeur het in 2009 tot 2017, in Zuma se era, is dat die middelgrond sy baken verloor het. Die middelgrond het eintlik aan skerwe gespat. Een van die grootste take wat ons nou het op hierdie oomblik, is om dit weer te versterk, om die middelpuntvlietende krag te verenig en te versterk, teen al hierdie nasionalistiese oproepe van buite af, of dit nou van regs of links is.”

Die ongelykheid in Suid-Afrika bly een van die grootste uitdagings. “Dit

moet aangespreek word,” sê Roelf, “maar dis nie net ’n moraliteitsissue nie, dit het ’n baie sterk ekonomiese element. Ons ekonomiese stelsel in Suid-Afrika begunstig steeds die elite en laat die arm mense agter.”

Hoe voel jy oor die kerk? vra ek.

“Die kerk as institusie is eintlik so jammerlik nie besig om sy opdrag uit te lewe nie,” sê Roelf. “Ek wil dit sag stel, ek wil nie probeer om klagte te lê nie. Maar dis jammer, want in die proses verloor ons ons roeping as Christenindividue, as mense wat tot ’n bepaalde geloof behoort. Ek wil eintlik sê, elke dag as ek lees wat Gift of the Givers doen, slaan dit my tussen my oë, om te sien wie die mense is wat daardie take onderneem. En ek sou so graag wou sien dat die Christenkerk ook net so daardie rol vervul.”

Maar Christene doen wél ’n lot liefdadigheidswerk, is die eerste gedagte wat by my opkom terwyl ek na sy woorde luister. Maar ek moet ook erken, iets wat my al baie gepla het is waarom daar so min vrede is in ’n land met soveel kerke? Is dit te veel gevra om groot impak van ’n groot kerk te verwag?

Ek vra hom wat hy sou wou sê as hy met ’n klomp dominees kon praat. Wat sou sy raad aan hulle wees in ’n tyd soos hierdie, in ’n land soos hierdie?

Hy moet versigtig wees, sê Roelf. Hy besef hy is nie ’n teoloog nie. Al is hy nie meer ’n praktiserende politikus nie, is die politiek die een dissipline wat hy die beste ken. Hy vertel hoe prof Piet Meiring hom destyds gevra het om met die nuwe teologiese studente by UP te praat.

“Ek het toe vir die studente gesê, die beste voorbeeld van Christelike deug wat ek dink ek in my lewe teëgekom het, was Nelson Mandela! En niemand kon tot en met sy dood sê of hy ’n oortuigde Christen was of nie. Maar hy het die Christelike deug uitgeleef. En daai deug het verskillende dimensies in my ervaring aangeneem.”

Roelf vertel hoe hy gesien het hoe selfs die politieke konserwatiewes se respek vir Mandela toegeneem het wanneer hulle met hom in aanraking gekom het.

“Dit wat die sterkste oorgekom het in sy hele optrede was sy menslikheid,” sê Roelf. “En dit is verstommend as jy dink waar hy vandaan gekom het en hy het nooit vengeance (wraaksug) gedemonstreer nie. Ons wat die geleentheid gehad het om nou saam met hom te werk, in die onderhandelings, ook in sy regering na die oorgangstyd, het dit nooit ooit beleef nie. Niks daarvan nie. Hy het nooit eens ’n vraag daarna gevra nie.”

“As ek dus vir die leraars ’n boodskap het, sou dit wees: Kom ons leef net uit wat ons glo die Christelike deug is. Ons leef dit net uit! En dra daai boodskap uit. As ons net almal kan kry om dit te leef, wat sê hulle is Christene, sal hierdie wêreld ’n ongelooflike plek kon wees. Maar mense is steeds in hulle eie ideologiese bekrompenheid vasgevang binne die kerk, met doktrines wat niks werd is nie en niks met die Christelike deug te doen het nie.”

Nie maklike woorde nie, dink ek, en ’n aanhaling wat ek onlangs gelees het kom in my gedagtes op: “Everyone loves a prophet, when he is criticizing the other team ...”

Ons gesels oor die feit dat vredemakers dikwels deur hulle eie mense vervolgt word. Mahatma Gandhi is nie geskiet deur ’n Engelsman nie, maar deur ’n Hindoe. Paulus se grootste weerstand het van sy eie mense gekom, die Joodse konserwatiewe godsdienstiges.

Hoe hanteer ’n mens die pyn wat jou aangedoen word deur jou eie mense wanneer jy ’n vredemaker probeer wees?

“Dit het maar te make met wat in jou eie kop aangaan, as jy oortuig is van wat jy moet doen, maak dit nie saak nie,” sê Roelf en vertel dat daar mense is wat hom steeds in 2021 beskou as die Antichris.

Ons het oor nog ’n hordes goed gepraat (luister die podcast!), maar een ding het ek geweet na ons gesprek: Vredemakers is nie people-pleasers nie! Hulle gee te veel om.

(Luister na die podsending van ons gesprek op www.kerkbode.co.za)



Roelf Meyer.

Foto verskaf

Hoop én kommer

Die uitslae van 'n nuwe steekproef verras, wek kommer én gee hoop.

Sowat 22% van gemeentes se inkomste het gestyg ondanks die negatiewe ekonomiese uitwerking wat die Covid-19-pandemie op ons land het.

By 34% van gemeentes was daar 'n afname.

En dan is daar die 44% wat sê hulle inkomste het dieselfde gebly. Business as usual.

Hierdie peiling het deelnemers wat tel onder die NG Kerk se sowat 1 078 voltydse predikante asook die grostentmakers en termynposte gepols.

Vanuit joernalistieke hoek is dit beginpunt-inligting: Dit prikkel miskien 'n mens se nuuskierigheid om te gaan uitvind hoe groot is daai dalings? Hoe groot is daai stygings? Hoe usual is daai business as usual?

Daar is ook nuwe vrae: Is daar beïndruigende patrone te sien in die geografiese verspreiding van die drie "kategorieë" wat uit die data sigbaar word?

Soos met alle statistiek moet 'n mens dit versigtig benader en nie met 'n emosionele kwas daarvoor verf nie. Sonskynjoernalistiek sou wees om te sê als is fine, ondanks die feit dat altesaam 5% van respondente saamgestem het met die stelling: "Die pandemie gaan veroorsaak dat hierdie gemeente nie kan oorleef nie."

Die teendeel daarvan sou wees om té alarmisties om te gaan met daardie inligting. Om nie genoeg oorweging te gee aan die gemeentes wat wel funksioneer en selfs floreer in hierdie uitdagende tyd nie.

Kerkbode verwelkom alle hulp uit gemeentes om die volle verskeidenheid van hierdie stories te vertel. Ons brieweblad is altyd oop vir besigheid. Besoek www.kerkbode.co.za, en klik op Briewe in die navigasiekolom om uit te vind hoe jy jou gemeente se belewenis van hierdie unieke "seisoen" met duisende lidmate en lesers kan deel.

KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman

E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Joernalis: Jacobie M Helena

Tel 072 828 9760

E-pos: jacobie@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small

E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath

Sel 072 357 8914

E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen

E-pos: lida@tydskrifte.co.za

Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemaking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

Lesse ná 'n jaar van Covid-19

Op 11 Maart 2020 het die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) Covid-19 tot pandemie verklaar. In dieselfde week, op 15 Maart 2020, het president Ramaphosa Covid tot 'n nasionale bedreiging in Suid-Afrika verklaar en op 23 Maart is die nasionale inperkings afgekondig. Hierdie wêreldwye pandemie het ons lewe onherkenbaar verander.

Prof Dennis Snower van Oxford skryf dat die Covid-19-pandemie ons met die basiese vrae van die lewe konfronteer. Vrae soos: Waarvoor is ons hier? Wat het ons met ons lewe gedoen? Wat wil ons nog doen as ons die geleentheid kry? As ons weet wie werklik vir ons belangrik is en waarom dit regtig gaan, waarom het ons dan so min van ons lewe daaraan bestee?

Regter Edwin Cameron skryf in 'n opiniestuk op 6 Maart 2021 dat die president grense gesluit, alkohol- en tabakverkope onwettig verklaar en streng inperkingsmaatreëls aangekondig het. Om die maatreëls af te dwing is meer as 70 000 troepe van die nasionale weermag (SANW) ontplooi. Verskeie instansies soos onder andere besighede en skole se normale jaarprogram is ingrypend geraak. Volgens die minister van gesondheid, dr Zweli Mkhize, was daar op 7 Maart 2021, 1 518 979 bevestigde gevalle van Covid-19 en 50 566 lewens is verloor. Dit was duidelik dat die regering mediese kundiges se bydraes in ag wou neem en internasionale riglyne probeer navolg.

Maar Covid het die deur vir ingrypende wanpraktyke geopen. In plaas van die beskerming van regte soos deur die grondwet uitgespel word en dat na die ontplooiing van meer mediese kundigheid gekyk is, is toenemend na die rol van die polisie en weermag gekyk. Onder die inperkingsmaatreëls is gedurig van aanhouding, arrestasie, die gebruik van pepersproei en selfs van die gebruik van 'n waterkanon gehoor. In plaas van vertroue in die polisie en weermag het hierdie optrede mense toenemend onveilig laat voel.

Prof Guy Lamb van Stellenbosch skryf in 'n opiniestuk op 27 Januarie 2021 dat die polisie die staat se eerste vlak van Covid-hantering geword het met gepaardgaande slegte gevolge vir persoonlike en gemeenskapsregte. Vroeg in die pandemie het koerante berig dat oortreders van grendelbeperkings deur weermagde gedwing is om sekere liggaamlike strawwe deur te gaan. Daar is ook verskeie arrestasies gedoen wat uiteindelik met groot kostes oënskynlik onwettig uitgevoer is. Dan was daar gevalle wat die simpatie van die land aangegryp het soos die geval van 'n man wat gearresteer is omdat hy

vir sy pasgebore baba melk gaan koop het na ure in terme van die grendelregulasies. Dan is daar ook die geval van Collins Khosa wat volgens nuusberigte besig was om op sy stoep bier te drink toe die weermag so drasties ingegryp het dat hy sy lewe verloor het. Daar was ook die drastiese ingryping en onverklaarbare verskuiwing van 'n groot aantal mense na 'n berugte kamp by Strandfontein en hierdie projek is spoedig weer laat vaar.

Hierdie voorbeelde sou nie so ontstellend gewees het indien daar nie soveel berigte van korrupsie en die plundering van staatsfondse was waaroor daar nie baie amptelike optrede was nie. Dit moet onthou word dat die land in 'n greep is van 'n nasionale gesondheidskrisis en die hardhandige optrede oor sekere sake en die gebrek aan amptelike optrede deur wetstoepassers aan die ander kant laat baie vrae. Regter Cameron noem in sy opiniestuk dat daar tans meer as 2 500 hangende ondersoekes is na kontrakte oor beskermende kleres en toerusting en dat baie groot bedraes hieraan gekoppel word. Hierdie optrede gebeur in 'n tyd waar meer as 3 miljoen mense hulle werk verloor het. Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) berig in November 2020 dat ongeveer die helfte van Suid-Afrika se werksmag werkloos is. Dit op sy eie sou dramatiese ingrype gereverdig het.

Die spreekwoord is ook in dié geval waar dat indien jou enigste gereedskapstuk 'n hamer is dan lyk alles voor jou soos 'n spyker. Die volgende syfers spreek vanself. Op die eerste dag van inperkings is 55 mense gearresteer en hierdie getal het nou aangegroei tot 342 000. Hierdie hantering het baie wantroue veroorsaak. Die bestaande kultuur van geweld en onregmatige bevoordeling van sekere groeperings veroorsaak al minder vertroue by diegene wat deur hulle beskerm moet word.

Wanneer gekyk word na die lesse wat na 'n jaar van die pandemie geleer is bied die Elsevier-gesondheidsprogram en ander navorsingsgenote die volgende tien duidelike riglyne:

1. Deursigtigheid is noodsaaklik

In plaas daarvan om na die dokter te luisiter wat die Chinese owerhede in Wuhan gewaarsku het oor die siekte, is dr Li Wenliang aangehou en stilgemaak op aanklag van die verspreiding van valse gerugte. Hyself is in Februarie 2020 oorlede aan Covid-19-infeksie. Hierdie tragedie beklemtoon die kritieke belang van eerlikheid en deursigtigheid. Modeleringsdata dui daarop dat indien daar selfs enkele dae tevore opgetree sou word, die daaropvolgende verspreiding van die virus dramaties beperk kon

word. Die vrees vir ekonomiese en politieke gevolge het egter amptenare wat alarm kon maak, stilgemaak en die virus kon eksponensieel versprei.

2. Suksesvolle bekamping hang af van leierskap

Met die erkenning van sy aanvanklike reaksiefoute het China leiding getoon in die aanpak van die Covid-19-epidemie binne sy grense deur streng maatreëls in te stel. Deur middel van 'n kombinasie van wydverspreide toetsing en kontakopsporing, wetlik toegepaste fisiese (sosiale) distansie maatreëls, en die gebruik van moderne tegnologieë, het China die verspreiding suksesvol tot stilstand gebring. Ander lande, soos Suid-Korea, het hulle voorbeeld gevolg en was ook relatief suksesvol in die beheer van verspreiding.

3. Die pandemie vra gesamentlike optrede eerder as uiteenlopende en individuele strategieë

4. "Conspiracy theories" ondermyn die ware feite en effektiewe kommunikasie daarvoor

5. Wêreldwye solidariteit is die enigste manier om die oorlog teen Covid-19 te wen.

6. Aanspreeklikheid is van kritieke belang om vertroue te bou.

Diegene wat besluite neem, moet verantwoordbaar wees. Die gegewens, inligting, modelle en die prosesse waarvolgens besluite geneem word asook die rasionaal daaragter, moet beskikbaar wees.

7. Ekonomiese impak.

Alhoewel daarop gefokus word om lewens te red, is 'n ekonomiese ineenstorting ook 'n katastrofale gesondheidsrisiko. Baie maatskappye het hulle personeel opdrag gegee om van die huis af te werk, maar dit bring baie ander implikasies teweeg.

8. Sosiale impak.

Skole, universiteite en selfs kerke is dramaties geraak. Die manier van funksionering word diep geraak.

9. Beskerming van voorste linie professionele persone.

Diegene wat die grootste risiko loop is diegene wat direk in kontak is met siek mense. Besmette gesondheidswerkers word natuurlik oordraers aangesien hulle in die gejaagde werklikheid van noodgevalle nie altyd voldoende fisiese afstand kan beoefen nie.

10. Versnel die ontwikkeling van entstowwe.

Dit lyk asof Suid-Afrika van die vermoëns verloor het rakende die vervaardiging van entstowwe. Dit is duur en daarmee saam is daar ook omstrede en negatiewe publisiteit deur anti-entstofgroepe wat dikwels ongegronde eise versprei.

► Dr Anton Knoetze is predikant in Secunda-Goedehoop en het gedien op die Kommissie vir Taal-, Kultuur- en Godsdiensregte.



Noem dit genade

In die boek *The Horse Whisperer* (1995), wat later ook verfilm is, word die verhaal vertel van 'n jong meisie, Grace, se tragiese ongeluk met haar perd, Pilgrim. Sowel Grace as Pilgrim is na die ongeluk getraumatiseer, beide fisiek en emosioneel. Veeartse raai die familie aan om Pilgrim uit te sit; benewens sy fisieke wonde is hy aggressief en gevaarlik teenoor mense. Die 13-jarige Grace verloor haar been in die ongeluk, sy weier om skool toe te gaan, en spreek uiteindelik die wens uit dat sy – saam met haar perd – uitgesit kan word. Deur die loop van die verhaal, en met die hulp van 'n perdekenner, word die stadige reis van genesing aangepak: nie net deur Grace, en haar perd Pilgrim, nie; maar ook talle ander karakters in die verhaal.

Ek dink baie keer terug aan hierdie aangrypende verhaal uit die pen van Nicholas Evans, wat nie net tragies begin nie maar (in die boek) ook tragies eindig, en dit val my elke keer op dat die hoofkarakter se naam juis 'Grace' – genade – is. Die tragedie(s) is niemand se skuld nie; dit is 'n fratsongeluk, gewoon 'n sameloop van (ongelukkige) omstandighede. 'n Kwessie van op die verkeerde plek, op die verkeerde tyd wees. En tog ... Grace?

In haar boek, met die titel *Call it grace* (2019), skryf die Amerikaanse teoloog Serene Jones oor ons pogings om betekenis te vind in 'n gebroke wêreld. "Mense vra my, as 'n teoloog, dikwels of ek glo in God," skryf Jones.

Tog weet sy nie of juis hierdie vraag die belangrikste vraag is wat ons onself – en mekaar – kan afvra nie; veral nie wanneer daar die verskriklike moontlikheid bestaan dat ons voorbeeldig-vroom dog genadeloos-gelowig kan leef nie. Kan ons oor God praat sonder om oor genade te praat? Al kán ons ook, behóórt ons dit te doen? Genade is immers daardie onverstaanbare en onweerstaanbare geskenk van God, verduidelik Jones, wat onverdiend – gratis, ongevraagd selfs! – na ons kant toe kom. En omdat genade van God alleen is, skryf sy, wen genade altyd uit. Maar wat beteken dit tog?

In 'n preek oor Romeine 5:20, argumenteer die Duitse teoloog Paul Tillich dat genade beteken: Jy is genoeg. Dikwels meet ons genade aan ons morele self-beheer, skryf hy, of ons morele status binne die kerk. Tog waarsku hy dat hoewel morele vooruitgang 'n vrug van genade sou kon wees, dit nog nie die genade self is nie. Trouens, ons morele self-ingenomenheid en morele eiewaan sou selfs die uitwerking van genade kon hinder, maan Tillich. Genade

kom immers op vreemde, onverwagse, onvanpaste, ontydige, onwaarskynlike wyses na ons toe: dikwels wanneer ons ook nie juis ingenome of tevrede met onself is nie (al is ander dit ook – of nie); dikwels wanneer ons in pyn, rusteloosheid, betekenisloosheid, alleenheid, skuld, vervreemding, walging selfs!, met onself saamleef.

Tillich skryf: "Grace strikes us when we are in great pain and restlessness. It strikes us when we walk through the dark valley of a meaningless and empty life. It strikes us when we feel that our separation is deeper than usual, because we have violated another life, a life which we loved, or from which we were estranged. It strikes us when our disgust for our own being, our indifference, our weakness, our hostility, and our lack of direction and composure have become intolerable to us."

In 'n wêreld, en in 'n tyd, waarin ons waarde getel en gemeet word aan dit wat ons kan bybring: dit wat ons vir ons werkomgewings kan produseer, dit wat ons vir ons gesinne en families kan voorsien, dit wat ons vir ons vriende

kan beteken – dalk selfs dit wat ons vir die kerk kan doen en wees en gee en gee – is die logika van genade vreemd. En tog ... Grace?

Genade tref ons wanneer ons in hierdie maalkolke en dwarswinde vasgevang word. Die evangeliewoord van Godsgenade is dat ons aanvaar word, dat ons genoeg is, sonder dat ons enigiets in ruil daarvoor vermag, sonder dat ons dit verstaan, sonder dat ons dit verdien, sonder dat ons dit verklaar. Genade vra geen morele of intellektuele magstoertjies van ons nie. Ons kan onself nie forseer om onself te aanvaar nie, skryf Tillich, net soos wat ons nie ander kan forseer om ons te aanvaar nie. Ons kan net aanvaar dat ons Godsaanvaardes is. Genade lyf ons binne 'n groter verhaal in, waarin dit wat verwerplik is aanvaar word. Genade is die terugkeer – en terugkoms – van lewe tot lewe. Dit is lewe wat met ditself herenig word.

Dalk sou hierdie terugkeer – van lewe tot lewe – saamgevat kon word met die aangrypende lirieke van die lied "Lugballon" (deur "Musiek Soos Grond"):

Jy is genoeg,
jy is genoeg.
Jy is genoeg
sonder dat jy te hard probeer.

In Christus word ons onvermoë, onverdraagsaamheid, en onvergenoegdheid deurbreek.

Noem dit genade.

► Prof Nadia Marais doseer *Sistematiese Teologie* aan die Universiteit Stellenbosch.

Genade lyf ons binne 'n groter verhaal in, waarin dit wat verwerplik is aanvaar word. Genade is die terugkeer – en terugkoms – van lewe tot lewe.



NUWE
stemme

'Doop 'n seën, al is dit 2 weke na my baba se geboorte'

ELZETH PIENAAR

Toe ek met my eerste swanger was, hoor ek by 'n Vrystaatse Sinodesitting hoe iemand vir my destydse kollega geluk toewens. Hy word toe deel van die klein en elite klub predikante wat al 'n swanger kollega gehad het.

Tot redelik onlangs was die idee van 'n swanger predikant op die preekstoel taboe. Maar met al meer jonger vroue wat die bediening betree, word dit al meer in die bediening sigbaar. Maar dit bring natuurlik nuwe uitdagings.

Vir maande lank preek ons met 'n Marmite-toebroodjie op die preekstoel, net vir ingeval die bloeddruk val. Die "wat om aan te trek"-vraag word met eens baie moeiliker, aangesien rokke en

broeke ook net sóveel kan rek. Daar word hard gebid dat die morning sickness tog tussen 09:00 en 10:00 sal wyk dat jy nie skielik van die kansel af hoef te hardloop nie. Siekebesoek in hospitale word nou meer problematies omdat daar nou nog 'n lyfie met geen immuniteit is om aan te dink.

Maar een van die lekkerste uitdagings van 'n mawees as predikant, is die doop. Ek en my man is albei predikante en ons het met die eerste twee kinders gebeurte gemaak om te preek en die doop te bedien. Hierdie keer, met nommer 3, is die preek my verantwoordelikheid. Maar tussen al die Covid-19-regulasies en familie wat uiteindelik kan oorkom as die grense oopmaak, gaan hierdie

baba op die ouderdom van 2 weke gedoop word. En skielik wonder 'n mens opnuut oor die praktiese sy daarvan.

In die verlede het 'n nuwe pappapredikant nie moes wonder oor hoe jy tydens die doop op slegs twee weke na kraam sal voel nie. Sal sy wonde genees (genoeg) wees? Gaan hy al met meer gemak kan loop en nie meer die kansel op waggel nie? Hoe gaan sy bloeddruk dan lyk? Sal hy die hele preek deur kan regop staan? As dit 'n keiser is, gaan sy geswelde voete in enige ordentlike skoene pas? Dit is alles goed wat deur my kop gaan as ons besluit hoe om die doop aan te pak. Natuurlik is die dominee se kind se doop in enige gemeente 'n groot gebeurtenis, maar dit gaan nou weens die

Covid-pandemie nie deur al die gemeentedele bygewoon kan word nie. Die diens gaan eerder lewendig uitgesaai word sodat al die tannies wat so hard gebrei het aan mussies darem ook die gebeurtenis kan beleef.

Om my eie kinders te doop was van die spesiaalste oomblikke in my bediening. En daarom besluit ek, geswelde voete of nie, met Marmite-broodjies of nie, al waggel ek daar op, selfs so vinnig na die geboorte, gaan ek die onbeskryflike seën hê om my dogtertjie te doop!

► Elzeth Pienaar is aflospredikant by NG gemeentes in die Ring van Potchefstroom, getroud met ds Jac Pienaar van NG gemeente Potchefstroom-Wes en ma van drie kinders onder die ouderdom van 5 jaar.

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninlvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Ons kinders kry swaar!

Leon Louw van Durbanville skryf:

Ek skryf hierdie brief aan *Kerkbode* uit 'n gevoel van magteloosheid, maar ook 'n gevoel van verwagting. Magteloos omdat ek nie weet hoe om hierdie boodskap uit te basuin nie en verwagting omdat ek vertrou dat Christene landwyd hulle hande in liefde sal uitstrek.

Ons skoolkinders is besig om te vou onder die druk van skole, portuurgroepe en selfs ons as ouers. Ek het onlangs met 'n groep graad 12's gesels en

dit is verbysterend hoeveel van hierdie kinders sielkundiges se hulp moes inroep as gevolg van die druk van die samelewing. Die hele wêreld gons oor die impak van inperking en die onsekerheid wat die pandemie meebring, maar ek dink ons gee nie genoeg aandag aan die impak wat dit het op ons kinders nie. Hulle is moeg, gefrustreerd, oorwerk, angstig en ongelukkig. Dit is asof hierdie pandemie maar net alles tot 'n punt gedryf het. Daar is nie meer ruimte in ons samelewing vir 'n gemiddelde kind nie. Hulle moet presteer op die hoogste vlak net om toelating te verkry tot tersiêre inrig-

tings. Hierdie druk veroorsaak ongehooflike angste in ons kinders, want oor en oor moet hulle hoor dat hulle nie goed genoeg is nie.

By die kerk probeer ons 'n ruimte skep waar kinders net kan wees, maar hulle kan nie. Die angste en die druk kom saam met hulle kerk toe. Hulle hoor dat hulle vir God belangrik is, maar in die wêreld ervaar hulle die teenoorgestelde. God het jou lief net soos jy is. Regtig? Die wêreld vertel dan vir my dat ek, net soos ek is, nie goed genoeg is nie. My hart bloei vir ons kinders wat nie kop bo water kan hou nie en sukkel om die vrug van God se

genade te dra, want dit is nie genoeg vir ons samelewing nie.

Dit is seker maklik om die probleem voor onderwysers, skole en die departement van onderwys te lê, maar dit is nie so eenvoudig nie. Wat staan ons te doen? Ons sal moet bid vir ons kinders. Nie net een-een of in kleingroepe nie, maar ons sal as kerk moet intree vir ons kinders. Hulle is besig om te vou. Ons as kerk moet ons kinders verseker van hulle waarde en verseker van ons liefde en verseker van God se troue sorg. Kyk hulle in die oë en druk hulle vas en verseker hulle dat hulle perfek is, net soos hulle is.

Die Heilige Gees lei soos Jesus

Ds Riaan de Villiers van die Groot Kerk, Kaapstad skryf:

Dit is Lydenstyd. Ek probeer 'n Lydenstyd van luister hierdie jaar. Ek wil seer en gebrokenheid in en rondom my hoor. Daar lees ek toe, sommer al hier aan die begin van Lydenstyd, net een week in, hoe die Heilige Boek – wat getuig van die God van liefde, steeds ingespan word om “in liefde” liefdeloos op te tree.

Die teks waarvoor ek die eerste Sondag van Lydenstyd preek gaan oor 'n man wat melaats was en na Jesus uitgeroep het, “as U wil, kan U my gesond maak”

Jesus is óf woedend óf loop oor van empatie volgens grondtekstverskille oor een woord in die teks. Ek is seker Jesus was beide. Briesend kwaad vir die verstaan of die sisteem wat hierdie mens verneder en verwerp het én sy hart is gebreek oor hierdie medemens se liefdelose vernedering en verwerping.

Want melaatsheid was 'n gevreesde velttoestand en die geloofsgemeenskap se reaksie op dié toestand was verwerping. Jy word uitgesmyt en apart hanteer. Afsesny van kroos, kerk en kapitaal. Levitikus beveel dit mos. Dit maak Jesus hoogs ontstoke.

Maar Jesus steek sy hand uit na die man en raak hom aan. Jy is myne, is die boodskap. Jy is gesond, gaan wys jou vir die priesters sodat God se verteenwoordiger op aarde jou weer kan toelaat tot volle gemeenskap en werk en versorging. Gaan leef in vrede (heling, harmonie, eenheid) tot eer van God in die sentrum van die geloofsgemeenskap.

Jesus het jou lankal aangeraak en gesond verklaar, al sukkel die kerk tog dikwels só hoogmoedig om dit raak te sien, te midde van persverklarings en sosiale mediavystellings wat gemik is daarop om hulle eie standpunte te verdedig.

Jesus het die wet vervul en gesê die wet vereis dat jy die Here jou God moet liefhê met jou hele hart, siel en verstand en wat hiermee gelyk staan, jou naaste

soos jouself. Paulus praktiseer dit 'n paar jare later: “Dra mekaar se laste en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus”

Vir wie verwerp die NG Kerk – God se verteenwoordiger op aarde – vandag nog steeds? Wie is dié in ons midde wat dikwels soos melaatses hanteer word? Ons dink dalk tye het verander, maar gaan vra maar die gay gemeenskap, die anderskleuriges, andersdenkendes en almal oor wie daar dalk 'n misbruikte teksvers of twee is om teen hulle te diskrimineer en hulle menswaardigheid af te breek.

Ek verstaan óók nie watter gees ons dikwels so stadig in die rondte lei nie. Die Heilige Gees lei soos Jesus. Hoe kan die één Gees dan in die kerk in verskillende rigtings lei? Doleer rym seker nie verniet met beheer nie.

Jesus wys mos vir ons die weg.

Was Jesus se lyding dan vir niks?

Opskrif oor ondersoek laat leser proes

Ds Theo Danzfuss skryf:

Die berig op *Kerkbode* se webblad van 2 Maart: “Span in Bloem ondersoek klag deur Johann Ernst”, verwys. In November 2016 het Hennie van Deventer, 'n oud-redakteur van *Volksblad*, 'n artikel geskryf oor: “Opskrifte wat jou laat proes”. Hy sê “Subredakteurs se diaboliese dubbelsinnighede het deur die jare vir gedenkwaardige opskrifte gesorg.” Hy noem so 'n paar dubbelsinnige en humoristiese opskrifte wat hy nog onthou soos byvoorbeeld nadat Gladys Steyn, die laaste SAP-kandidaat in die Vrystaat destyds in 'n verkiesing teen die Nante (Nasionale Party) uitgeval het, was die koerant-opskrif: “Gladys sit pot mis, hele Vrystaat Nat”. Dan sê Hennie: “Dubbelsinnigheid – dit is een van die skerpste wapens in die vernuftige kopskrywer se arsenaal”

In die kerklike media gebruik die kopskrywers nie net diaboliese dubbelsinnighede nie, maar ook diaboliese eensydighede om met goedgelowige le-

sers se kop te smokkel en die saad van onbillike vooroordeel in hulle kop te plant. 'n Goeie voorbeeld is *Kerkbode* se opskrif “Span in Bloem ondersoek klag deur Johann Ernst”. Ironies, die ondersoek gaan oor beweerde ergerlike sondes van dr Bartlett, maar *Kerkbode* se opskrif gaan oor dr Ernst. Die opskrif het my letterlik laat proes. Die saak gaan nie oor dr Ernst nie. Hy het maar net sy plig as getroue lidmaat gedoen. Dit laat my wonder watter eensydige opskrif *Kerkbode* se kopskrywers gaan uitdink indien dr Bartlett dalk skuldig bevind sou word aan hierdie beweerde ergerlike sonde. Ek raai iets soos: “Ernst en sy span in Bloem het sowaar hulle arme kollega verdoem.” Ai, hoe smag ons nou na 'n eerbare koerant wat nie sy lesers eensydig probeer prejudiseer nie.

Sit apologetiese skouer aan die wiel

Philip Coetzee skryf:

Dr Braam Hannekom se skrywe, “Waarom glo ons?” raak 'n paar relevante probleemareas in die kerk aan. Ek wil op 'n paar onderwerpe reageer vanuit die verstaan van baie gewone lidmate, sonder om hulle kennis onder verdenking te plaas. Dit is juis een van die probleme in die kerk, meer gemik op sommige van ons kerkleierskap, dat lidmate se Skrifkennis onderskat word.

Eerstens: Die term Godsbegrip is iets vreemds in die kerk, daarom verstaan mense dit óf verkeerd óf het nie 'n duidelike verstaan nie. God is nie net almagtig en alwetend nie, maar belangrik, wat sê God vir ons, hoe moet ons Hom verstaan in die Woord deur sy eienskappe asook sy optrede?

Tweedens: Om mense bewus te maak van Richard Dawkins en sy opvattinge oor evolusieleer, sal maak dat die kerk op dun ys beweeg. Waarsku mense daarteen, maar moet nie 'n “bestaansreg” van sy ideologie regverdig nie. Lidmate het alreeds meer op hulle vurk as wat hulle kan hanteer. Ek was by 'n byeenkoms waar 'n bekende in kerkkringe

'n ateïstiese gehoor toegesprek het. Hy het openlik gesê dat hy nie kan glo dat daar nog mense in die Christelike geloof is wat glo in die skeppingsverhaal soos in Genesis verkondig word nie. Julle kan dink met watter opgewondenheid die ateïste dit begroet het, maar met watter verwarring en ongeloof die Christenkamp, ook teenwoordig, hiervan kennis geneem het. Daarom stem ek saam met Braam, dit is belangrik om 'n duidelike perspektief te hê of stel tussen wetenskap en geloof. Weereens, watter geloof? Ek het onlangs op 'n opname afgekom wat geneem is tydens 'n seminaar wat gehou is by twee van ons belangrike universiteite. Onder andere was geloof een van die belangrike onderwerpe. Die hartseer was dat die meeste van die afgevaardigdes saamgestem het met 'n betrokke spreker dat alle gelowe dieselfde god dien (God).

Derdens: Braam verwys na uitverkiesingsleer. Hierdie is 'n braak veld in die kerk waar groot onsekerheid heers. Wanneer is ek uitverkies, kan God sy plan met my verander, met ander woorde, eers was ek, maar nou nie meer, en andersom? Ek het gevind dat daar selfs leraars is wat nie duidelikheid het oor die saak nie. Net om 'n paar voorbeelde te noem: As Jesus sê dat Hy gekom het sodat sondaars kan bekeer, en jy bekeer nie, maar is alreeds uitverkies, wat dan, en andersom? Dit is 'n grys area wat baie aandag nodig het.

Vierdens: Behoort daar 'n vraag te wees oor waar moraliteit vandaan kom, kan ons dit nie duidelik in die Skrif volg nie, of is daar 'n verskuilde agenda wat agter humanisme en verligte teologie skuil?

Vyfdens: Braam noem “die kerk sal moet besluit...” dit is 'n groot probleemarea. Daar bestaan groot kommunikasieprobleme en tekortkominge tussen kerkleierskap en lidmate soos dit reeds is, en kan net vererger as daar nie met bereidwillige harte aandag aan gegee word nie. Daar word verwys na die dominee-kerk; kerkraadskerk, ensovoorts.

Laastens: Ons sal almal 'n apologetiese skouer aan die wiel moet sit om ons geloof vorentoe te laat beweeg. Mag God ons seën met wysheid.

Waarom glo ons?



BRAAM HANEKOM gee 'n samevatting van 'n onlangse webinaar oor waarom mense in God glo.

Dis vir ons duidelik dat die kerk nie tans in 'n strydgesprek met ongelowiges moet of wil tree nie, maar soos altyd gereed moet wees om as getuienis 'n verduideliking te gee van die geloof, hoop en liefde wat in ons leef. Dit is 'n tyd vir deeglike selfondersoek vir die kerk en veral ook oor die vraag of die kerk nie in die laaste jare haar apologetiese verantwoordelikheid versak het nie. Elke predikant en dosent aan ons teologiese fakulteite behoort die vraag te beantwoord. Dit word al hoe duideliker dat, terwyl predikante en teoloë 'n goedontwikkelde geloofs-begrippeeraamwerk het, ons lidmate soms spartel om nuwe, vars taal te vind om hulle geloof in die 21ste eeu te verwoord. Ons het dus 'n groot verantwoordelikheid om aan ons eie lidmate eenvoudige taal te gee om hulle geloof te verwoord.

Dit is nie nou die tyd om met ongelowiges te baklei nie. Ons het waarskynlik te min tyd in deernisvolle verhoudings met randfigure spandeer. Die kerk het nie altyd goed genoeg geluister nie. Maar terwyl ons nie goed genoeg geluister het nie, het ons terselfdertyd

ook nie ons apologetiese standpunt goed genoeg verwoord nie. Ons mag en moet ook 'n duidelike standpunt inneem. Dit is deel van ons getuienis. Die klein taakspan by Publieke Getuienis wat die afgelope tyd tot stand gekom het, het die kontoere van 'n moontlike gesprek begin bepaal en die volgende het vir ons duidelik geword. Ons sal aan die volgende aandag moet gee:

* Die evangelie se koherente en selfverklarende antwoord op die vraag na sin en betekenis. Die wetenskap gee baie antwoorde, maar min antwoorde hierop.

* 'n Verduideliking van 'n holistiese kennisleer of te wel epistemologie. Tans vind daar 'n vertekening van die kennisleer plaas. Dit word verskraal tot die grense van die fisiese wetenskap. Dit is ook 'n vraag met watter epistemologie ons lidmate werk. Weet ons dit en praat/preek ons daaroor?

* Die belangrikheid van logiese beredenering is vir gelowiges en ongelowiges belangrik. Swak argumente vir die bestaan van God is net so onaanvaarbaar soos argumente teen die bestaan van God. Die evangelie wil juis ons "denke vernuwe". Een voorbeeld kan hier genoem word: Om byvoorbeeld te sê: "Omdat die kerk drooggemaak het, bestaan God nie," is 'n dun argument.

* Hiermee hou ook verband die belang van 'n korrekte Godsbegrip. Dit is ons

ervaring dat daar in post-teïstiese teologie dikwels 'n beeld van God opgerig word, wat vreemd aan die meeste gelowiges se eie denke is. Daardie "strooioppe" word dan afgeskiet.

* Die gesprek oor die verhouding tussen geloof en wetenskap is geensins onbelangrik nie. Dit moet baie duidelik gestel word dat die kerk die wetenskap baie ernstig wil neem, maar ernstig beswaar het teen die aanname dat die grense van die (bekende) wetenskap die grense van ons bestaan definieer. So word te maklik 'n streep deur alle metafisika getrek. Terwyl daar moeilik wetenskaplike bewyse vir die bestaan van God gegee kan word, is daar tog 'n beduidende groep lidmate wat ook in verantwoordelike wetenskaplike debat betrokke wil raak en juis daarin belangstel.

* Dit moet beklemtoon word dat 'n oppervlakkige omgang met die teodiseevraag, die vraag na lyding, niemand help nie. Die argument dat, omdat daar soveel lyding in die wêreld is, God nie bestaan nie, is 'n voorbeeld van 'n te vinnige omgang met hierdie vraagstuk.

* Die kerk sal opnuut haar belydenis oor die verlossingsleer, ons verlossing in Jesus Christus, moet beklemtoon. Ons sal dit ook moet omskryf in taal wat die moderne mens sal verstaan. Dit sluit ons Gereformeerde teologie en by name die uitverkiesingsleer in!

* Die rol en belangrikheid van die geheimenis en misterie van ons geloof en God kan nie genoeg beklemtoon word nie. Ons werk nie met finale antwoorde nie.

* Die vraag oor waar moraliteit vandaan kom, help baie in die ontmaskering van die idee dat die mens en ook ons bewussyn die blote produk is van evolusie en biochemiese prosesse.

* Die verskil tussen 'n persoonlike verhouding met God en die bedryf van teologie as abstrakte wetenskap moet duidelik onderskei word.

* Ten slotte bly die vraag oor die verband tussen geloof en (geloofs)gemeenskap van belang. "We believe because we belong".

Hierdie is slegs 'n voorlopige raamwerk en elkeen van bogenoemde punte vra veel dieper antwoorde. Die kerk sal ook moet besluit met wie, waaroor en hoe daar gekommunikeer gaan word. Die gesprek vind duidelik in verskillende kontekste verskillend plaas. Die eenvoudige duidelike kommunikasie na lidmate bly nou egter 'n prioriteit. Dit hoef nie 'n las te wees nie. Dit skep die geleentheid om weer vars oor ons geloof, getuienis en wese in 2021 te dink.

► Dr Braam Hanekom is direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis.

Onbillik teenoor kerk?

Daar is baie om oor na te dink in Ben du Toit se boek *God: Is daar 'n ander antwoord?* skryf DANIE VAN ZYL.

Daarin word kwessies en vrae aangesny waarvoor nagedink moet word, en waarvoor vele inderdaad nadink. Daar word ook dinge gesê wat lesers sal ontstel, afhangende van die perspektief van waaruit jy dit lees.

Daar is veral drie argumente of redes wat deur Ben aangevoer word vir waarom hy tot die bepaalde gevolgtrekking en posisie van postteïsme gekom het. Dit is nodig dat lesers dit in die oog sal hou by die beoordeling van sy gevolgtrekking.

● Bepaalde (teleurstellende) ondervinding met die kerk. In 'n groot gedeelte van sy boek gee Ben 'n uitvoerige beskrywing van sy lewe duskant die hek. Op bladsy 154 kom hy tot die volgende posisie: "My ervaring in die kerk sedertdien ..." – en dan gee hy 'n opsomming van sy ervaring – "... dit alles het my daartoe gebring om myself nou van enige uitdrukking van godsdienstigheid te distansieer".

Vele andere het al vanweë hulle bepaalde persoonlike negatiewe ervarings hulleself van die kerk en selfs van geloof

losgemaak. Maar om "die kerk" as sodanig daarvoor verantwoordelik te hou is onbillik en daar is geen logiese grond om dit deur te voer tot die uiteindelijke ontkenning van die bestaan van God as sodanig nie.

● Die oortuiging dat dit 'n wetenskaplike bevinding is dat God die produk is van die menslike denke. Na 'n lang bespreking, gefundeer op bepaalde natuurwetenskaplike sienings, kom die slotsom: "So het godsdiens dus ontstaan. Dit is nie iets van metafisiese aard wat van buite of van bo iewers anderkant die wolke kom nie, maar vanuit die menslike lewe en bestaan wat nou evolusionêr ontwikkel het. Godsdiens is dus die *produkt* van evolusie" (p 118). En: "Dit is eenvoudig wetenskaplik so dat die moderne mens ouer is as enige konsep van 'n God of van 'n transendente metafisiese toestand. Dit is juis die mens se vermoë ... om abstrak en kreatief te dink, wat gelei het tot die *totstandkoming* van 'n metafisiese 'wêreld' – 'n verbeelde plek ..." (p 119). En: (daar is) "oorweldigende bewyse vanuit die multiwetenskaplike dissiplines dat die bestaan van 'n transendente, metafisiese wese gebaseer is op die irrasionele aannames wat opkom uit die psigies-gekondisioneerde denke" (p 140, sien ook 152, 156).

Die wetenskap het sekerlik gehelp om die ontwikkeling van die menslike denker vermoë al meer te verstaan, maar dat dit "eenvoudig wetenskaplik so" is dat die bestaan van God die produk van die menslike denke is, is eerder 'n siening van 'n bepaalde groep wetenskaplikes. Ook as die feit van die evolusionêre ontwikkeling van die mens (nie 'n bepaalde teorie daarvan nie) aanvaar word, is dit eerder so dat die mens iewers in sy ontwikkeling *bewus* geword het (eerder as dit geskep of uitgedink het) van die bestaan van 'n metafisiese werklikheid en so *voorstellings* van 'n godheid begin bedink het (Rom 1:19-23). Op die weg, in die geskiedenis en te midde van 'n veelheid van verstaanswyses, het die unieke Bybelse verstaan van God en geloof ontwikkel.

● Die manier waarop populêr oor God gedink word, oor hoe God *veronderstel* is om direk persoonlike en wêreldgebeure te bepaal, of, alternatiewelik glad nie, laat hom wonder oor die moontlikheid om te moet erken dat God nie bestaan nie (p 40). Algaande word sy eie wyse van hoe hy oor God dink duideliker (p 52-54, 56, 61, 165 v). Op bladsy 168-9 maak hy sy eie siening eksplisiet: om "bevry te wees van die vrees vir 'n transendente, metafisiese godheid of mag of energie

wat my lewe mag bepaal, (sodat hy) ... afskeid (neem) van enige geloof in 'n transendente, metafisiese 'wêreld' of bestaan waarin daar bonatuurlike magte en kragte sou wees wat die *botoon voer en hulle laat geld ten opsigte van die wel en wee van die mensdom* en die heeal".

Hier ontbreek 'n onwilligheid om eerder terug te keer en dieper te kyk wat die Bybel oor God sê. Klaarblyklik bring sy reaksie teen (tereg verwerplike/verworde) populêre sienings van God hom eerder om daarmee God as sodanig en die bestaan van 'n metafisiese bestaanswyse te verwerp.

Hy skryf: "Ek het geen twyfel daaroor dat die kerk en teologie sigself deur die wetenskap moet laat informeer as dit kom by etiese en morele beskouings nie. Met dogma en leerstellings is dit egter 'n ander saak" (p 93, vgl verder 97v). Hierdie is 'n eng verstaan van die verhouding tussen geloof en wetenskap. Die slotsom waartoe Du Toit kom, kom effektief neer op 'n radikale teenstelling tussen *geloof* en wetenskap. Daar is egter vele verdienstelike benaderings om geloof en wetenskap met mekaar in verband te bring.

► Dr Danie van Zyl (VDM), Welgemoed, Bellville.

Leiers wil nie vroeër sinode hou, maar sal oorweeg om kerkorde aan te pas

LE ROUX SCHOEMAN

Kerkeleiers vanuit al die NG Kerk se streeksinodes het op 3 Maart 'n versoek deur die Kairos Netwerk (KN) van die hand gewys om 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode uit te roep.

Die besluit is geneem ondanks die stelling vervat in 'n verslag oor die onlangse ontmoeting met KN-leiers dat “duisende lidmate die kerk sal verlaat,” indien so 'n sinodevergadering nie plaasvind nie.

“Ons aanvoeling is dat 'n buitengewone algemene sinode nie die regte ding is om te doen nie. Dat dit uiters verdelend kan werk, om die waarheid te sê,” het ds Nelis Janse van Rensburg tydens 'n virtuele ontmoeting van die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) aan sowat 58 afgevaardigdes gesê.

Die ASM-lede het die versoek ná 'n uur se gesprek tydens die halfdag-vergadering afgekeur. Hulle het wel 'n verslag goedgekeur wat verwys na die moontlikheid van die aanpassing van die kerkorde om voorsiening te maak vir “nuwe netwerke van gemeentes wat oor bepaalde belangrike sake eendersdenkend is.”

Dr Frederick Marais, voorsitter van die Algemene Kuratorium, was deel van die afvaardiging na verteenwoordigers van die lidmate en dolerende NG gemeentes wat deesdae onder die KN-sambreel staan. “Ek het geleer in die gesprek dat ons in 'n nuwe seisoen is. Ons is in die seisoen waarin die NG Kerk moet leer om diverse standpunte institusioneel te akkommodeer én ook te legitimeer. Dit help nie ons praat met

mense en hulle het die gevoel dat daar nie 'n ruimte is wat hulle standpunt legitimeer nie. En ek dink die voorstelle (in die verslag) kan hieraan vir ons 'n bestel gee en ons kan hier leer in die gereformeerde wêreld hoe ander kerke dit ook gehanteer het,” het Marais gesê.

Ds Heerden van Niekerk, ook een van die tien-lid afvaardiging na KN, het aan ASM-lede gesê sy indruk tydens die eerste dag van die tweedag-ontmoeting was een van polarisasie. “Dit het gelyk asof ons buite reikafstand van mekaar geraak het. En dan wonder 'n mens of kerkseuring die enigste antwoord is wat oorbly,” het Van Niekerk herroep. “En Dinsdagoggend, dit is 'n stukkie belewenis wat ek met u wil deel, het daar 'n draaipunt gekom.” Die wending was volgens hom by die gesprekke rondom voorstelle oor “missionale kerkordelike vernuwing” en 'n ondersoek na die moontlikheid van nuwe netwerke van gedeelde oortuigings binne die raamwerk van die kerk se belydenis en orde. Van Niekerk se pleidooi was dat die ASM dit die fokuspunt maak. “En dat ons al die energie (daarop) sit.”

Dr Barry Tolmay, moderator van die NG Kerk in KwaZulu-Natal, het gesê “daar is geen manier dat ons nou weer 'n algemene sinode moet hou nie. Ons is deur daai oefening.” Sy pleidooi: “Saam dink, ons moet nuut ontwerp en eintlik die geleentheid gebruik om iets heeltemal nuut ... in afhanklikheid van die Here (te) gaan kry om die kerk vorentoe te vat.”

Ds Dewald Davel van die Oos-Kaapse Sinode het gesê: “As ons soek na alternatiewe strukture, moet ons dit nie hanteer

as maar net 'n korttermyn-, soort spaarwieloplossing om uit die huidige knelpunte te kom nie. Ons sit in 'n ander tyd, ons noem dit postmoderniteit en postmoderniteit se implikasie is dat ons met alternatiewe strukture gaan werk waar daar ander soort van strukture gaan ontwikkel en dat hulle hulle plek en ruimte moet kry,” het Davel gesê.

KN bestaan uit “huidige en gewese NG lidmate, kerkrade, gemeentes, ringe, streeksinodes en ander geloofsgenote van buite die NG Kerk wat glo dat die interpretasie van die Bybel deur die NG Kerk se Algemene Sinode onskriftuurlik is en daarom kan ons nie die besluite van die Algemene Sinode aanvaar nie,” volgens <https://moreletakairo.net/>.

Ds Theo Danzfuss, een van die leiersfigure, het in Desember 2020 aan *Kerkbode* gesê die 2019 Algemene Sinode se besluite rondom selfdegeslagverbintenisse is “onaanvaarbaar omdat dit direk in stryd is met die Woord van God.”

In 'n wydlopende onderhoud het hy destyds gewaarsku: “Die lidmate word nou gepaai dat elke gemeente self daaroor kan besluit. Dit is nie eenheid nie, dit is skisofrenie.”

Janse van Rensburg se terugvoer oor die ontmoeting met hierdie groep was genuanseerd. Hy het benadruk dat die netwerk steun geniet onder vele NG lidmate: “Die werklikheid is, vriende, daar is baie mense wat soos hulle dink en ons moet vir hulle baie ernstig neem. Of hulle nou in die gestalte van die netwerk of sinodes kom, ons moet eenvoudig ruimtes skep vir luister.”

Hy het ook laat blyk dat die omvang van verskille tussen die ASM-afvaardiging en verteenwoordigers van die KN hom verras het. “Ons het aanvanklik gedink dat dit net gaan oor Skrifhantering en nie so seer Skrifbeskouing nie, maar dit het later geblyk dat daar oor die Skrifbeskoulike goed tog ook verskille is,” het Janse van Rensburg gesê. Die agenda het drie punte gehad, naamlik teologiese opleiding, Skrifbeskouing en -hantering en kerkregtelike kwessies en opsies.

Oor 'n moontlike uitvloeisel van lidmate uit die NG Kerk waarteen die vergadering gewaarsku is, het Janse van Rensburg gesê: “Daai is so bietjie van 'n dreigement ... dis nie onverbloemd nie.”

Daar was wel kritiek teen die verslag wat vandeeweek deur die ASM ondersteun is. “My frustrasie is die manier

wat dit hier bewoord word, is ons moet ons verantwoord teenoor die Kairos Netwerk en ek wonder net partykeer werk dit nie ook na die ander kant toe nie?” het prof Nadia Marais van Universiteit Stellenbosch gesê. “Ek kan nie dink in die laaste tien jaar wat ek by die dogmatologiese werkgemeenskap betrokke is, dat ek enige van hierdie persone wat besware opper en verwoord daar gesien het nie. Dit is 'n frustrasie, dink ek, wanneer ons hierdie gesprekke op hierdie manier voer en dit voel half dit is 'n drukgroep wat die kerk in 'n bepaalde rigting wil druk, maar dit is nie regtig 'n space waar ons krities teologies mekaar kan ondersoek nie. Dit is so half eenrigtingverkeer,” het Marais gesê.

Ná die aanvaarding van die verslag het Janse van Rensburg opgemerk dat 'n moontlike institutionalisering van diversiteit in die NG Kerk nie 'n “bipolariteit” in die kerk is nie. “Dit is 'n verskeidenheid van standpunte oor kwessies. Dis baie moeilik om te sê hier is net een verdelingslyn en ons leef weerskante van hierdie een verdelingslyn ... Dit is glad nie 'n korrekte kyk op die kerk nie,” aldus Janse van Rensburg.


Die volgende Algemene Sinode (AS) sal dus steeds in 2023 plaasvind, volgens die gebruikelike ritme van dié besluitnemingsaantrek. Die vorige een was in Oktober 2019 en het die NG Kerk bykans R2,5m gekos, volgens 'n aparte finansiële verslag wat tydens dieselfde vergadering bespreek is.

“Die kerk het 'n geskiedenis van lang spronge tussen sinodes ... die goed moet maar so 'n bietjie deur die derms van die kerk gewerk word, om nou die slegte uitdrukking te gebruik. Sodat wanneer ons uiteindelik weer by 'n sinode kom ons déúr gesprekke is,” aldus Janse van Rensburg, wat voorsitter was by die 2019 AS.

● Die Algemene Sinode se 2019-besluit oor selfdegeslagverbintenisse (SGV) hou in dat daar ruimte gemaak word vir gesprek oor verskillende standpunte. Hierdie beginsel van etiese onderskeiding het neerslag gevind in die besluit dat gemeentes self hieroor kan besluit, luidens 'n navorsingstuk deur prof Kobus Schoeman en medewerkers. 'n Voorlopige verslag oor 'n predikantepaneel-opname toon dat tweederdes van respondente onder NG predikante in 'n 2020-steekproef die beginsel van die 2019-besluit ondersteun. Sowat 23% het nie daarmee saamgestem nie, volgens die verslag.

“Saam dink, ons moet nuut ontwerp en eintlik die geleentheid gebruik om iets heeltemal nuut ... in afhanklikheid van die Here (te) gaan kry om die kerk vorentoe te vat.”

– Dr Barry Tolmay



Finansiële impak van pandemie op gemeentes

LE ROUX SCHOEMAN

Te midde van die ekonomiese uitkrangeffek van die Covid-19-pandemie, behoort byna 90% van die NG gemeentes finansiële “te kan oorleef”, volgens ’n peiling onder predikante.

Op ’n stelling in die peiling: “Die pandemie gaan veroorsaak dat hierdie gemeente nie kan oorleef nie”, het 89% van die respondente aangedui dat hulle nie saamstem nie.

’n Verdere 6% van deelnemers aan die predikantepaneel-opname was onseker, volgens ’n verslag wat prof Kobus Schoeman namens die Taakspan Navorsing op 3 Maart aan die Algemene Sinodale Moderamen gelewer het.

Sowat 5% van respondente het egter

saamgestem met dié stelling. Hierdie tyding is verder vergelyk met data wat toon dat ’n beduidende groep respondente se eie geldsake ook onder druk is, te lees uit die feit dat 26% saamstem met die stelling: “Ek is bekommerd oor my eie finansiële situasie.”

Die peiling is in Oktober 2020 uitgevoer en die inligting daaruit skets ’n breër prentjie van hoe dit met die NG Kerk se geldsake op gemeentevlak gaan.

Die basiese insig lyk so:

- Die meerderheid van gemeentes se **inkomste het dieselfde gebly**.
- ’n Derde van gemeentes se **inkomste het gedaal**.
- Die impak van die verlaagde inkomste is versag deurdat twee derdes van gemeentes se **uitgawes ook gedaal het**.

Die pandemie gaan veroorsaak dat hierdie gemeente nie kan oorleef nie



Anglikane oor hidrobreking, Zondo en vroue

NICO SIMPSON

Die Sinode van Biskoppe van die Anglikaanse Kerk van Suider-Afrika het op 23 tot 26 Februarie aanlyn vergader vir ’n byeenkoms gelei deur aartsbiskop Thabo Makgoba.

’n Wye reeks onderwerpe is behandel, onder andere hidrobreking, die weiering van getuies om voor die Zondo-kommissie te verskyn, die groei van die kerk onder Portugees-talige lidmate in Angola en Mosambiek, steun vir Palestina en die rol van vroue in leierskap.

Die vergadering het die behoefte uitgespreek om die verteenwoordiging van vroue in leiersposisies in die plaaslike kerk en leierskap te vergroot. “The motion approved at the last Provincial Standing Committee on Gender-Based Violence, and the need to increase the representation of women in positions of leadership in the local Church and the Province was endorsed,” luidens die verklaring wat die belangrikste besluite opgesom het. “This important work was discussed in light of the serious threat posed by patriarchal dominance which seeks to destroy, often violently, the God-given ability of women and their call to leadership in the Church.”

Die vergadering het ook hulle goedkeuring verleen vir ’n petisie wat die toestemming vir hidrobreking in die Kavangostreek in Namibië bevraagteken. Hulle meen die waarskynlikheid van ’n negatiewe impak op die omgewing as gevolg van hidrobreking is te groot om te ignoreer. Die sinode was eenparig dat die boorwerk onmiddellik gestaak moet word.

Die sinode was dit ook eens oor die gevaar dat Suid-Afrika gedestabiliseer word deur die weiering van getuies om voor die Zondo-kommissie van ondersoek na staatskaping te verskyn. Hulle is bekommerd dat minagting van die wet Suid-Afrika kan destabiliseer. Gegewe Suid-Afrika se onlangse verlede, kan die land nie so ’n bedreiging bekostig nie. Hulle het ’n beroep op almal gedoen om die wet te respekteer. Volgens hulle is niemand bo die wet verhewe nie.

Die sinode het verder kennis geneem van die opwindende verwickelinge binne die Portugeessprekende bisdomme van die Anglikaanse Kerk. Daar is besluit om ’n nuwe provinsie met die naam Anglikaanse Kerk van Angola en Mosambiek te stig om die groei te ondersteun.

Die biskoppe het ook die kwessies rondom die steun vir Palestina bespreek. ’n Studiegroep het vooraf na beide kante van die debat geluister en het ingestem om voort te gaan om ondersteuning aan die mense van Palestina te bied in die lig van die onderdrukking en beperkings wat hulle opgelê is. “The similarities with Apartheid cannot be ignored. Neither can we ignore that Scripture is used to condone this oppression. The use of Scripture challenges both the gospel and the church to address this issue in the light of Christ. In this we note the motion did not support the use of violence on either side of this conflict. Synod takes this matter seriously and has asked the Archbishop to bring it before Lambeth 2022,” luidens die verklaring.

• Lees meer by: <https://anglican-churchsa.org/communique-from-the-synod-of-bishops/>

Klein venstertjies op God



In verwondering

Van Milnertonstrand af het jy ’n besondere uitsig op Tafelberg in al sy prag en skoonheid.

In die Ou Nabye Ooste is berge nie as skeppinge nie, maar as gode beskou, gode wat vrees inboesem. In die Psalms word die “berg”-metafoer dikwels gebruik om die almagtige Skeppergod se handewerk te verbeeld.

Die digter van Psalm 104, wat die lof van die wyse en almagtige Skeppergod besing, gebruik die “berg”-metafoer om sy grootsheid, almag en beheer te besing: “Hy wat na die aarde kyk, en dit bewee, wat die berge aanraak, en hulle brand” (32).

Die verwondering oor die almag en beheer van die Skeppergod oor sy skepping moet ononderbroke in lof en aanbidding uiting vind. Daarvoor is ons gemaak.

– Kobus Smit

fineartamerica.com/profiles/kobus-smit

Foto: Milnerton

Hoe om te oorleef sonder om te verstaan

Roelf Opperman het beplan om 'n boek te skryf oor sy eie reis en te reflekteer oor die dood van sy geliefde dogter Claudi (foto). Maar dit het vinnig meer geword. "Dit gaan oor die heelword na enige trauma in jou lewe. Dit gaan oor 'n veerkragtigheid om te oorleef na 'n egskeiding of die ontdekking van 'n kankergewas. Dit gaan oor die heelword in jou menswees na jou besigheid bankrot gespeel het of nadat een van jou ledemate afgesit is. Dit gaan oor die herstel na trauma en ook hoedat jy ander mense wat deur trauma is, kan bystaan," verduidelik Opperman, 'n dominee van die Familiekerk NG Kameeldrif in Pretoria.



In dié eerste aflewering van die boekreeks *Ek wil nie dié kaarte hê nie* deel die skrywer die feite rondom sy dogter se dood. Maar dit gaan ook meer oor haar beroepskeuse as predikant en oor Claudi se geskrewe stukke wat haar pa later, na haar dood, gedra het.

Die dag toe my dogter Claudi in my kantoor instap en sê sy wil met my praat, het ek geweet hier kom iets belangriks. Sy moes besluit wat sy na skool wou gaan doen. "Wat dink Pa daarvan as ek 'n dominee wil word?" Jy kon my met 'n veer omslaan. Ja, ek het geweet sy werk graag met mense. Ja, ek het geweet sy het 'n liefde vir die kerk. Ja, ek het geweet sy is lief vir die Here. Ja, ek was altyd positief dat vroue dominees kan word. Maar meteens is dit nou baie, te naby aan my lyf. Ander pa's se dogters kan dominees word, daarmee het ek geen probleem gehad nie maar nou moet ek raad vir my eie dogter gee. My kop het gedraai want dit was vir "my klein dogtertjie" wat ek nou moes help.

Claudi skryf self

Claudi vertel self die storie in haar skripsie wat sy in die finale jaar van haar teologiese studies moes indien: *My storie begin toe ek nog baie jonk was. My pa is 'n predikant en my ma 'n onderwyseres, en ek het dus grootgeword in 'n pastorie. Ons is drie kinders, waarvan ek die middelste kind is. Ons het as kinders op die platteland grootgeword. Dit was gelukkige jare waartydens ons gereeld saam met Pa op kerkkampe gegaan het. Na aan die einde van my hoërskoolloopbaan het Pa 'n beroep na die stad aanvaar wat my eie lewe redelik deurmekaar gekrap het.*

Na skool het ek besluit om ook Teologie aan die Universiteit van Pretoria te gaan studeer. Baie mense het my sedertdien gevra waarom ek hierdie besluit geneem het, en ek kon nog nooit 'n presiese antwoord op dié vraag gee nie. Wat ek wel kan sê, is dat ek al 'n lang pad saam met God gestap het. Op pad saam met Hom het ek 'n hele paar besonderse ervarings gehad. Ek wil vandag glo dat

hierdie ervarings my help vorm het en gebring het tot waar ek is. Steve Jobs sê in sy toespraak aan Stanford in 2005 dat dit baie moeilik is om in jou toekoms in te kyk en te wonder waarheen jy met jou ervarings gaan en wat dit eendag vir jou gaan beteken. Dit is egter makliker om terug te kyk en die ervarings aan mekaar te verbind om op die manier jou storie te plot "... connecting the dots ...". Ek kyk dus vandag terug en verbind my eie ervarings met mekaar. Ek weet nie waarheen ek met dit op pad is nie, maar ek weet hoe dit my help vorm het tot wie ek vandag is.

Baie later, tydens die begrafnis-ere-diens wat ons ter viering van Claudi se lewe gehou het, het Lizl-Louise Schoeman, haar mentor en vroeëre kollega in die NG Kerk, Valhalla wat daardie dag gepreek het, gesê: "Jy kies nie jou roeping nie, jou roeping kies jou. Claudi het dit geleef. Sy was 'n dominee in hart en siel. Sy het wyd geleef. Daar was altyd die groter prentjie. Nie net die gemeente nie, nie net die kerk nie, maar die koninkryk."

Keuses, keuses, keuses ...

Daar in my kantoor, in haar matriekjaar, het ons rustig gesit en praat en die voor- en nadele van dominee-wees opgenoem. Uiteindelik sê ek vir haar: "Oor ses jaar wanneer jy klaar gestudeer het, behoort die kerk vroue met oop arms te ontvang. Daar gaan baie poste beskikbaar wees. Ja, doen dit."

Min het ek geweet dat die kerk na haar studies van ses jaar nog nie so oop vir vroue-dominees sou wees as wat ek gehoop het nie ...

Claudi het haar in die studentelewe ingeleef. Sy het haar teologiese studies by Tukkie's ten volle geniet. Sy het voluit gelewe.

Toe sy egter vir 'n jaar nadat sy ge-legitimeer is nie 'n beroep kry nie, het sy met jeugontwikkeling in skole begin. Sy het steeds gehunker om 'n dominee in 'n gemeente te wees. Toe die gemeente Valhalla vir haar 'n 20%-pos skep, was sy baie opgewonde. Vir my, as haar pa, was dit 'n ongelooflike voorreg om haar te bevestig, en saam met my vrou, Antoinette, my toga om haar skouers te kon hang.

Ek dink Valhalla was in daardie stadium die enigste gemeente wat deur net twee vroulike dominees bedien is. Binne 'n paar maande van saamwerk, is Lizl-Louise, Claudi se kollega, na 'n ander gemeente beroep. Claudi was vir 'n jaar alleen dominee in die gemeente. In dié jaar het sy en haar man Ewald meer van gemeente-dominee-wees ervaar as baie ander dominees in 'n leeftyd.

Toe gebeur die ongeluk ...

'n Stuk metaal val van 'n vragmotor af, vlieg deur die motor wat sy bestuur se voorruit en tref haar teen die kop.

Ek was binne tien minute en voor die paramedici op die toneel. Claudi het bygekom, wou weet wat gebeur het en hoe ernstig haar beserings is en of sy sou doodgaan. Ek het vir haar gesê daar is bloed, dit lyk ernstig, maar ek weet nie. Sy moet rustig wees. Die ambulans is op pad.

Later by die hospitaal wou sy weer weet hoe ernstig haar beserings was. Ek het haar vertel van die skedelfraktuur en die stukkie been wat in die brein vassit wat verwyder moet word. Die suster aan diens het op my afgestorm en gevra: "Meneer, wat maak jy?" Ek het vir haar gesê dat ek en my kind mekaar verstaan en dat ek haar vertel wat aangaan. Claudi het heel vererg vir die suster geskreeu: "Los ons. Ek wil weet!" Toe vra sy my weer of sy sou doodgaan. Ek het weer vir haar gesê ek weet nie.

Die beserings is ernstig, maar sy moet bly veg. Toe sy by die teaterdeur ingestoot word, sê sy dat sy sal veg.

Die wag het begin. Claudi sou die aand haar verjaarsdagpartytjie gehou

het. Sy het die vorige dag 27 geword. Al hulle vriende het hospitaal toe gekom. Ons seun Barend en sy vriendin Yolanda met wie hy later getroud is, het van Bloemfontein af gekom. Die voorportaal van die hospitaal was die hele aand vol jongmense wat sit en wag. Party het bier gedrink. Van ons vriende was ook daar. My kollega Willem en sy vrou Karriën het gekom. My vriend Fritz het heeldyd by ons gebly sonder om te veel te praat.

Later die aand is Claudi in die teater dood.

Die chirurg en die suster wat vir my en Ewald in die vroeë oggendure groep het om die boodskap oor te dra dat sy nie die operasie oorleef het nie, was redelik onbeholpe.

Ek moes vir Antoinette gaan sê. Ek moes vir ons Christa-kind wat in Abu Dhabi was, bel om te sê haar sussie is dood.

Hoe kan 'n mens vinnige besluite neem as jy nie kan dink nie?

Ek moes vinnige besluite neem. Die suster het kom vra of ons na haar wou gaan kyk en gewaarsku dat sy nog net so lyk soos toe sy uit die teater gekom het. Omdat ek al 'n keer 'n ander pa moes bystaan terwyl hy sy seun uitken, en die pa se pyn vandag nog in my kop gegraveer is, het ek besluit om nie te gaan kyk nie. Ek het geweet ek moet myself beskerm. Dit word 'n prentjie wat in jou kop ingegraveer word en dit was nie die prentjie wat ek van my kind wou hê nie. Of dit 'n goeie of 'n slegte besluit was, weet ek tot vandag toe nog nie. Ek dink dat dit vir my persoonlik die beste was om nie te gaan kyk het nie.

Narkose-tyd

Die volgende dag het die mense gekom. Die deurmekaar, chaos-tyd het begin. Ek het dit narkose-tyd genoem. Die blomme het ingestroom. En die kos. En die SMS's, oproepe, boodskappe oor Facebook en WhatsApp. Reëlings moes getref word. Henning Rademeyer het die volgende aand kom

kuier. Henning was vanaf kleintyd baie in ons huis. Hy en ons kinders het menige ervaringe gedeel en is baie goeie vriende. Daardie aand het ons om die kombuistafel gesit en sommer net stories vertel en gelag. Dit was Mandorlatyd. Hemel en aarde het vir kort oomblikke daardie aand bymekaar uitgekome. Dit was soos medisyne vir ons siele om sommer net normaal te kon sit en gesels en lag. Hy het ook vir ons gebid. Dit was vir ons goed.

Kerk toe vir die diens

By die erediens ter viering van Claudi se lewe 'n dag of wat later het Lizl-Louise 'n boodskap gelewer wat rustigheid gebring het. Ek het altyd gedink dat mense nie eintlik by begrafnisse luister nie, maar ek het elke woord ingedrink. Sy het oor die Emmausgangsters gepraat. Vir die twee mense op pad na Emmaus was Jesus 'n vreemdeling. Hulle herken hom nie. Maar Hy stap saam. Hulle praat. Die ironie is dat hulle mét Jesus oor die afwesige Jesus praat!

Ek het na die tyd weer haar preek gaan lees: *“Dis dikwels so dat trauma en pyn die teenwoordigheid van God versluier. Ons oë is dof van trane maar word ook dof vir God. Dis juis hier waar die verhaal ons intrek en uitdaag. God stap saam.”*

Claudi se preek vir Sondag sou gaan oor die tema uit Jona. “Al wil jy vir God verlaat, God sal jou nooit verlaat nie.” Hoe meer 'n mens wanhoop, hoe meer is God in gesprek met ons. In ons roep na God, is God teenwoordig. In ons smeke na God, is God teenwoordig. Selfs die biddende verlange in ons hart, is 'n teken van God se teenwoordigheid in ons lewe.

Die Here is met ons – of dit nou is vir 'n Jona op sy Ninevepad, hierdie twee mense op die Emmauspad of Claudi op die Molotopad. Hy is by ons – ook op hierdie vreemde nuwe pad wat ons almal loop.

Maar, dit gaan ook oor soveel meer as net dat God saamloop. Die Jesus wat hulle hier ontmoet, is die Een wat self die pad geloop het. Dis die Een wat nog met die merke van die spykers in sy hande en voete loop. Dis die God wat self gely het. Die Een wat die houvas, verwoesting en sinneloosheid van die dood vir ewig verander het. Die een wat vir ons 'n nuwe taal kom gee met woorde soos Opstanding, Nuwe Lewe, Hemel, Ewige woonplek.

Die Een wat saamloop is Hy wat ons sterftedatum verander in ons opstandingsdatum.”

Ons het nie 'n kis kerk toe gebring nie. Claudi se man Ewald het dit in sy toespraak in die kerk so verduidelik: “So as julle gewonder het hoekom Claudi nie nou hier voor in 'n kis lê nie moet mooi verstaan dat Claudi nie ingeboks kan word nie, sy is vry en moet vir al-

tyd vry wees.”

Aan die einde van die diens het ongeveer sewentig dominees vorentoe gekom om saam die seën uit te spreek. Vir my was dit 'n aangrypende ervaring om my kollegas en vriende daarvoor by die preekstoel te sien met hulle hande in 'n seën uitgestrek.

Deurmekaar dae

In die dae wat kom het baie mense ons besoek. Party het net kom blad skud en dan geloop. Ander het gesit en kuier. Party het probeer interpreteer wat gebeur het. Ander het onbeholpe trooswoorde probeer bring. Dié wat ons die meeste waardeur het, was die wat net gekom het en net 'n drukkie kom gee het. Ek was later gaar gedruk. Maar ek het dit waardeur.

Stadig het die narkose begin uitwerk ...

Die huilbuie sommer op die vreemdste tye en plekke het erger geword. Ek kon nie slaap nie. My kop was aanmekaar in gesprek met God, met Claudi en met myself.

Die lewe gaan aan ...

Ek moes weer begin werk. Maar hoe sien jy mense in jou beradingspreekkamer oor hulle ingroei-toonnaels as jy sit en dink: My kind is dood en jy sit en kla oor beuselagtighede. My kollegas het in dié tyd baie gehelp. Hulle het my beradingspligte oorgeneem totdat ek weer gereed was.

Ek moes ook weer begin preek. Ek het geweet ek moes dit so gou as moontlik agter die rug kry, anders word dit 'n groterwordende berg. Ons was in die tyd met 'n preekreeks oor karakters in die Bybel besig. Om die een of ander rede het ek gedink dat ek oor 'n sekere teks moes preek. Ek het met die preek gestoei. Niks wou werk nie. Ek het met die preek geworstel totdat dit uiteindelik die Saterdagdagaand klaar was. Heeltyd in my agterkop het 'n stemmetjie vir my gesê: “Jy preek die verkeerde preek. Gaan kyk net weer na die preekrooster. Iemand het al hieroor gepraat.” Dit was toe so. Doodmoeg moes ek Saterdagdagaand 'n nuwe preek voorberei. Heel moedeloos besluit ek om na my ou preke te gaan kyk en vas te stel of ek nie al in die verlede oor die nuwe teks waaroor ek eintlik wou preek, gepraat net nie.

Ek kry 'n onderwerp waaroor ek in 1995 gepraat het. Toe ek die preek begin lees, kon ek nie my oë glo nie. In die inleiding staan daar iets wat ek lankal al vergeet het: *Gemeente, ek wil vir julle vertel wat die afgelope week in ons huis gebeur het. Ons dogtertjie Claudi het my gevra of sy die Here kan sien, want sy wil Hom so graag sien. Ek verduidelik toe vir haar dat 'n mens nie in hierdie lewe die Here kan sien nie. 'n Mens moet eers doodgaan, dan sien jy die Here. Omdat ek 'n dominee is, weet sy van dood en*

van begrafnisse. Sy het so 'n rukkies stil gesit en toe gesê: “Pappa moet 'n graaf gaan haal en 'n baie groot gat grawe – dan sal ons Hom kan sien”.

Die volgende dag het ek nie gepraat nie. Ek het langs die preekstoel op 'n kroegstoeltjie gaan sit en met die gemeente gepraat. Ek het vertel van die vraag wat Claudi as 'n klein dogtertjie vir my gevra het. Toe het ek oor my kind gepraat. Ek het oor my eie broosheid en seer gepraat. En ook dat ek nie antwoorde het nie. En dat ons mekaar nodig het wanneer die lewe sy mat onder jou uitruk. Dit was 'n rustige preek. Die ys was gebreek. Volgende preke sou makliker gaan.

Terwyl ek aan die einde van die diens opstaan om die seën uit te spreek, kom 'n klein dogtertjie, so oud soos Claudi was toe sy oor doodgaan gepraat het, en hou my styf om my een been vas. Die trane het toe gevloei.

Ek het in die tyd besluit om nie sterk te probeer wees nie. Ek het geweet ek moet sag op myself wees. Wanneer ek wou huil, het ek gehuil. Wanneer ek wou skreeu, het ek geskreeu. Wanneer ek wou vertel, het ek vertel. Maar ek het ook agtergekome dat mense nie altyd ewe gemaklik was met my trane nie. Ek was ook nie altyd lus om my storie met enigeen te deel nie. Nie almal het die reg om in my diepste siel toegelaat te word nie.

So heel as moontlik ...

In daardie tyd het ek en Antoinette vir mekaar gesê ons gaan doen wat ons kan om so heel as moontlik te word. As ons iemand moet gaan sien om ons in die proses te help, sal ons dit doen. 'n Ou klasmaat van my, Pieter Oberholzer, wie se broer 'n paar jaar gelede vermoor is, het my gekontak en uitgenooi na 'n kamp wat hulle hou vir mense wat hulle geliefdes verloor het. Ek en Antoinette het baie gewonder of ons daarheen moet gaan, aangesien Claudi maar onlangs dood is en ons nie weet of ons nie eers 'n tydjie moet laat verloop voordat ons so iets doen nie. Ons was ook nie lus om ons storie aan 'n klomp vreemde mense te vertel nie. Ons het egter besluit om tog te gaan.

Daar was nie baie mense wat die kamp bygewoon het nie. Dit was 'n veilige ruimte waarbinne gepraat kon word. Die tegniek waarvan hulle in die individuele sessies gebruik gemaak het, was *Traumatic Incident Reduction* (TIR). TIR is 'n vinnige manier om traumatiese spanning van emosionele en/of fisiese pynlike gebeurtenisse in die verlede te verlig. Dit besoek die traumatiese gebeurtenis weer in 'n veilige, stil omgewing waar jou aandag nie afgetrek kan word nie. Dit is ook 'n omgewing wat vry is van oordeel en interpretasies. Pieter het my gehelp om te verstaan dat daar 'n verskil tussen trau-

ma en rou is. Ek het besef dat ek hoog getraumatiseer was deur alles wat daardie dag rondom Claudi se dood afgespeel het. Ek het die dag weer saam met Pieter besoek, totdat ek die trauma op 'n manier in die kas kon sit. Ek het daarna ook nie meer gehuil as ek van Claudi se dood vertel het nie. Daarvoor was ek nogal bly. Ek het egter besef dat ek nie net getraumatiseer was nie, maar dat ek ook rou en dat niks die rou-seer beter kan maak nie. Dit was iets wat ek moes dra. Dit het my baie gehelp om dit te hoor – want ek wou nie ophou rou nie. Dit het vir my gevoel as ek ophou rou, ek my kind in die steek laat. Na die gesprekke met Pieter het my rou egter baie meer persoonlik geword en ek het geen behoefte meer gehad om in die openbaar te rou nie.

Vir Antoinette het die kamp nie so goed gedoen nie. Ons aanvoeling in die begin was reg dat ons dalk nie so gou op so 'n kamp moes gaan nie.

Ek het hier ook maar net weer besef dat elke mens verskillend rou en dat daar nie 'n pasklaar voorskryf is wat gevolg moet word nie. Elke mens is op sy of haar eie reis.

Dit voel soos gister ...

Dit is vandag al drie jaar na die ongeluk. Partykeer voel dit nog soos gister. Vandag weet ek die verlange is iets wat nooit gaan ophou nie. In die afgelope drie jaar het ek partykeer klein dingetjies gedoen om haar in my kop aan die lewe te hou. Ek het byvoorbeeld die das wat ek aangehad het toe ek vir haar en Ewald getrou het, aangesit as ek gaan preek. Op die manier vat ek haar saam met my kansel toe en help haar om haar droom om dominee te wees verder uit te leef. Ja, ek weet dit is irrasioneel. Ja, ek weet dit maak nie baie sin nie. Ja, ek weet sy gaan nie regtig saam met my nie. Maar vir my is dit goed om op dié manier die pad 'n entjie verder saam met haar te stap ...

Een van die goed wat ek geleer het, is dat 'n mens steeds iemand na die persoon se dood lief kan hê. Al kan jy die persoon nie meer sien of vashou nie, en al kom daar nog mense in jou lewe vir wie jy liefkry, bly jy die persoon wat nie meer daar is nie, liefhê. Die dood eindig 'n lewe, nie 'n verhouding nie.

Nuwe bondeltjie lewe ...

'n Paar maande na Claudi se dood het ons oudste dogter Christa en haar man WL aangekondig dat ek en Antoinette vir die eerste keer oupa en oma gaan word. Hulle het later uitgevind dit is 'n dogtertjie en vir ons gevra of ons beswaar sou hê om haar na Claudi te vernoem. Ons het vir hulle gesê dat dit reg is, maar dat hulle baie mooi moet besef dat sy nie vir Claudi vervang nie. Dit is 'n nuwe lewe en sy moet ook so grootgemaak word. Die volgende jaar

is klein Chloë Claude Drinkwater gebore en sy het van die begin af die lewe aangegryp en in geen onduidelike babataal vir almal verduidelik dat sy 'n unieke persoon in eie reg is. Sy het in ons hart ingewurm en 'n nuwe plek daar gekry.

Ek het agtergekom dat 'n mens se hart baie plek het om nog mense lief te kry sonder dat die mense wat nie meer daar is nie, uitgeskuif word.

Ander se verhale gee hoop

Mense wat my deurentyd baie moed gegee het, was ons vriende Wimpie en Ronel Jordt wat op Swartwater bly. Hulle het 'n klompie jare tevore hulle seuntjie Heinrich in 'n fratsongeluk verloor. Heinrich het gefloreer in die nuwe skool in Pretoria waar hulle hom geplaas het om hom met sy disleksie te help. Hulle het tussen vriende 'n saamryklub begin om hulle kinders oor naweke huis toe te bring. Die vriende wie se beurt dit die naweek was om die kinders terug te bring, het die kinders opgelaai en gou by ander vriende stilgehou om koffie te drink. Terwyl die grootmense kuier, het die een maatjie 'n tuisgemaakte pistool in die tuin ontdek waar die tuinwerker dit weggesteek het, die pistool op Heinrich gerig en die sneller getrek. Heinrich is getref. Hy is daar oorlede.

Wimpie het vertel hoe iemand op 'n dag na hom toe gekom het en hom herinner het dat hy nog twee kinders het wat leef en wat hulle pa nodig het. Hy het op hulle begin fokus. Hy het ook die vriende van die saamryklub wat dié naweek gery het, gaan troos. Wimpie het vertel hoe hy vir Heinrich mis, veral tydens geleenthede soos die belydenisaflegging toe Heinrich se tweelingsussie Melanie belydenis van haar geloof afgelê het. Wimpie het 'n veerkragtigheid gehad wat hom laat oorleef het. Dit was 'n veerkragtigheid wat my in my eie situasie hoop gegee het. As hulle kon oorleef, kan ons ook.

Post-traumatische groei

Ek het begin raaksien dat die menslike gees die kapasiteit het om in alle omstandighede te oorleef. Ek het uit Wimpie en ook uit ander mense se stories gesien dat dit moontlik is om ook post-traumatische groei te ervaar. Te midde van die mees verwoestende ervarings wat mense mag hê, is die potensiaal in ons opgesluit om 'n amper bonatuurlike krag te ervaar om te oorleef en selfs partykeer sin te begin maak uit al die chaos om jou.

Nog stories vol hoop

Twee ander besonderse mense met wie my pad gekruis het, was Jan en Ems Cronjé. Vroeër was Jan onder andere skoolhoof, voorsitter van die verbruikersraad, regsgeleerde en bokskampioen. Hy erken ruitelik dat Ems die inspirasie was wat gemaak het dat hy



Die dag na haar 27 ste verjaarsdag is ds. Claudie le Roux van Pretoria ná 'n fratsongeluk oorlede. Haar pa, dr. Roelf Opperman, het in 'n poging om te "oorleef" die boek *Ek wil nie dié kaarte hê nie* geskryf. Foto verskaf

kon bereik wat hy bereik het. Sy het letterlik aande saam met hom deur die nag gesit om sy Latyn vir hom te leer. Toe ek hom leer ken het, het ek niks van hierdie goed geweet nie. Hulle was reeds afgetree. Vir my was hulle maar net oom Jan en tannie Ems, lidmate in my gemeente.

Hulle lewe was nie sonder terugslae nie. Een van die terugslae wat ek saam met hulle beleef het, was toe hulle seun Kobus wat op daardie stadium 'n baie aktiewe kerkraadslid in my gemeente was, in sy huis aangeval en geskiet is. Aanvanklik het dit gelyk of hy die skietwond gaan oorleef. Ons kon lekker in die hospitaal met hom gesels. Hy is egter 'n paar dae later in die hospitaal na 'n terugslag oorlede. Ek het eers baie later gehoor dat hulle vroeg in hulle getroude lewe ook Kobus se tweelingboetie as baba aan die dood moes afstaan.

Oom Jan is een van die lede van 'n groep ouer manne wat weekliks in my gemeente bymekaar kom om te praat en koffie te drink. Hulle praat oor geloof, politiek, verhoudings, ekologie en ook die sin van lyding en die dood. Dit was in die groep en ook in persoonlike gesprekke met hom wat ek hom beter leer ken het. Ek het gehoor van sy woede oor Kobus se dood en oor die manier hoe hy moes doodgaan. Ek het gehoor van die soeke na sin in die lewe. Ek het egter iets meer as normale rouprosesse by hom opgetel. Daar was 'n veerkragtigheid. 'n Fokus op die toekoms eerder as op die verlede. Dis asof daar 'n tevredenheid in sy lewe was. 'n Tevredenheid ten spyte van die verliese van kinders en finansies. Dit was egter meer as 'n tevredenheid. Dis asof hy vorentoe druk en baie bewustelik die lewe bly geniet.

Op 'n dag bring hy vir my 'n sakkie lietsjies van 'n boom wat hy 'n hele paar jaar na sy sewentigste verjaarsdag geplant het. Dit was duidelik dat hy trots was op sy lietsjies. Hy haal toe 'n papiertjie uit sy sak en vra of ek nie lus

is om dit wat hy daarop geskryf het die volgende Woensdag aan ons mannegroep voor te lees nie, aangesien hy die dag self nie daar kan wees nie. Dit was vir my duidelik dat hy baie dinkwerk in die kort stukkie wat hy geskryf het, gesit het: "Een van die wonders van die lewe is dat pyn, hartseer en teleurstelling byna altyd die hart van die kosbaarste oomblikke in ons lewe is."

Die feit dat hy, na hy die papiertjie aan my oorhandig het, gesê het hy wonder of hy nie eerder die woord "gewoonlik" in die plek van die woorde "byna altyd" moes gebruik het nie, het my laat besef dat hy elke woord in die kort sinnetjie oordink het. Hy het besef dat pyn, hartseer en teleurstelling nie goedkoop is nie. Hy wil ook nie veralgemeen en sê dat dit vir almal so moet wees nie.

Pynlike kosbare oomblikke

Hoe meer ek daarvoor nadink, hoe meer besef ek oom Jan se woorde is waar. Van die kosbaarste oomblikke in my lewe was die laaste gesprekke daar in die hospitaal met Claudie. Dis waar. Hoewel ek dit nie toe raakgesien het nie, besef ek nou dat die pyn wat ek daar ervaar het, die hart van een van die kosbaarste oomblikke in my lewe geword het.

Ek het in oom Jan iets van die post-traumatische groei beleef waarvan ek meer in hoofstuk drie van hierdie boek gaan vertel. Na die woede oor sy kind se dood, kon hy ook dankbaar word vir die jare wat hy wel met sy kind kon deel. Die herinneringe het die hart ge-

word waaruit hy kon leef. Ek dink hy het iets verstaan van wat Victor Frankl, 'n psigiater wat die Duitse konsentrasiekampe oorleef het, geskryf het: "Wanneer jy nie meer die situasie waarin jy is kan verander nie, word jy uitgedaag om jouself te verander."

Veerkragtig vorentoe

Ek het hom bewonder vir die veerkragtigheid in sy lewe. Ek het ook begin oplet na veerkragtigheid in ander mense wat verliese ervaar het. Ek het ook begin besef dat mense die vermoë het om na geweldige terugslae in hulle lewe, of dit nou iemand na aan jou is wat dood is, of gebroke verhoudings, of verlies aan werk, of sekwestrasie, of gesondheid wat ingee, of wat ook al, vorentoe kan bons met 'n veerkragtigheid en weer kan begin lewe.

Hierdie veerkragtigheid is nie 'n goedkoop kop-in-die-grond-druk soos 'n volstruis nie. Veerkragtigheid om te oorleef kom aan die een kant diep uit ons eie binneste uit en aan die ander kant van die mense rondom ons. Dit kom aan die een kant van diepe dankbaarheid oor wat ons steeds het en aan die ander kant van die vermoë om intens te rou. Dit kom aan die een kant van jou vermoë om die rouprosesse waardeur jy gaan te analiseer en aan die ander kant deur jou net aan die rouprosesse oor te gee.

Ek het 'n diepe behoefte ervaar om iets van hierdie veerkragtigheid in my eie lewe te hê ...

● Die boek kan gekoop word by www.eshop.bybelmedia.org.za

Lees aanlyn verder

In die volgende hoofstuk word die kaarte weer geskommel en delf ons 'n bietjie dieper. Die harde feite van die verhale in hierdie hoofstuk word vermeng met verskillende emosionele ervarings, wat 'n totale ander dimensie na die verhale bring. Hierdie aflewering kan by lig.co.za gelees word.



Anandie gesels met LINDIE DENNY



Herverbeelde pedagogie vir teologiese opleiding

Dr Lindie Denny het voor haar doktorsale studies klas gegee by Rhema Bybelskool. Sy deel aan *Kerkbode* dat sy 'n gaping ontdek het: 'n Gaping tussen 'vir wie' die materiaal geskryf is en 'wie' voor haar in die klas gesit het. Die materiaal was duidelik geskryf vir wit, Westerse en welaftudente, alhoewel die konteks van studente oogglopend anders was: Daar was 'n rykdom van diverse kontekste, belewenisse, nasionaliteite en tradisies onder haar studente.

Sy vra die vraag reguit: "Hoe kan ek oorditlik klas gee vir 'n persoon wie se kultuur ek glad nie verstaan nie?" Sy was oortuig daarvan dat om beter by die studente uit te kom, sy meer van hulle moet verstaan. En dit is presies wat sy gedoen het in haar proefskrif getiteld "Reimagining pedagogy for theological education at a South African university: An ethnographic exploration".

Vir 'n hele semester woon Denny verskillende modules aan die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie en Religie by. Sy fokus op voorgraadse modules tot en met honneursvlak. Sy voer individuele onderhoude met die dosente van hierdie modules, asook fokusgroepe met studente. Denny se waarnemings en aanbevelings word nie

beperk tot dié fakulteit waar sy haar empiriese navorsing gedoen het nie.

Pedagogie, verduidelik Denny, beteken om met iemand 'n pad te stap. Hoe lei ons studente op? En hoe stap ons die pad saam met hulle? "Pedagogie is definitief nie net dit wat ons doen daarvoor in die klas nie," beklemtoon sy. Pedagogie sluit in die lesinglokaal, materiaal, dit wat voor en na die klas gebeur en of 'n dosent beskikbaar is vir 'n student. Dit sluit ook in of studente hulle verantwoordelijkheid opneem om saam te vorm aan hierdie spasies en interkulturele pedagogie.

Studente en dosente beleef, nes Denny, skeiding tussen kulture. Sy antwoord vinnig dat dit nie opsetlik is nie. Sy gebruik ook die term "kolonialiteit" om te verwys na sekere pedagogiese aspekte wat steeds in universiteite se opleiding teenwoordig is. Denny se mening is dat kolonialisme verby is, maar dat die "kolonialiteit" ongelukkig steeds teenwoordig is in ons pedagogie. Met ander woorde, die effek van kolonialisme is ongelukkig steeds 'n werklikheid vir van die studente. Wat bedoel sy hiermee? Die argitektuur van 'n gebou en 'n klaskamer by die meeste universiteite, noem sy somer as 'n kantlynopmerking. Hierdie argitektuur bevorder nie

noodwendig tweerigting-gesprek of groepwerk wat juis "kolonialiteit" teenwerk nie. Dit was ontwerp vir die eenrigtingkommunikasie vanaf die dosent.

Sommige studente ervaar ook ongelikheid, byvoorbeeld. Vele studente het nie Wifi by die huis nie en ook nie eens 'n rekenaar nie. In hierdie opsig trek die meeste wit studente steeds vandag voordeel. Bitter min studente in haar studie het aangedui dat hulle aanlyn klasse verkies. Haar studie is gedoen voor Covid-19 en op die vraag wat dit beteken vir ons huidige omstandighede, antwoord sy: "As jy nou aanlyn klas gee, gaan jy hard moet werk om by die student uit te kom, om regtig parallel met hulle te loop." Sy haal haar hoed af vir dosente wat in hierdie tyd aanlyn klas gee.

Studente en dosente verwoord dat Engels as medium 'n taal is waarin meer mense mekaar kan ontmoet en hoor. Dit is egter opmerklik dat vir baie studente Engels nie eens hulle tweede taal is nie. Studente vra soms vir iemand in die klas om vir hulle te probeer vertaal wat die dosent op die oomblik sê. Denny meen dat daar meer tale verteenwoordig moet word in teologiese fakulteite, sodat studente selfs net een dosent wat dieselfde huistaal magtig is, kan nader vir hulp indien nodig.

Groepstake, debatte en fakulteitskampe het 'n verrassende effek op die pedagogie gehad. Dit is hierdie tipe omgewings waar mense van verskillende kulture mekaar kan hoor en sien, waar verandering kan plaasvind. Deurlopende, waagmoedige gesprekke binne diverse kulture kan voordelig wees vir fakulteite. Denny stel eintlik voor dat fakulteite modules aanbied waar daar by mekaar geleer kan word van mekaar se kulture en kontekste. Sy benadruk ook dat teologiese fakulteite meer denominasies as venote moet intrek vir kerke opleiding. Daar is tans studente wat op hierdie vormingsgeleentheid uitmis, meen sy.

Denny se laaste paragraaf in haar proefskrif lees soos volg: "We are building a student that will help build a nation." Fakulteite moet studente voorberei vir hulle konteks waar hulle gaan werk, verduidelik sy. Dit is nie 'n ruimte om ander soos 'ons' te maak nie, maar 'n ruimte waar ons 'n verskil kan maak, sodat ander 'n verskil kan gaan maak.

● *Dr Lindie Denny is 'n pastoor by Hillsong in Wonderboom, Pretoria. Tans is sy ook die besturende direkteur van Ever-Smile Suid-Afrika.*

► *Ds Anandie Greyling is jeugwerker by Pierre van Ryneveld Geloofs familie.*

Marileen gesels met ANRIËTTE DE RIDDER

Geloofsvorming: Meer as net 'n 'klein Google'

Gee ds Anriëtte de Ridder die geleentheid, en sy sal jou ure kan besig hou met gedagtes oor en toerusting vir jeug- en familiebediening – en dit gaan altyd gepaard met 'n glinster in die oog en groot handbewegings. *Kerkbode* het met De Ridder gaan gesels oor pedagogie in die kerk – of eenvoudiger gestel: Hoe dra die kerk kennis oor, spesifiek aan die jeug?

Vir lank is die kerk se kategetiese geskoei op 'n klaskamermodel waar kennis (hetsy Bybelkennis of die Heidelbergse Kategismus) in een rigting van die kateget aan die katkisanter oorgedra is. Die fokus was telkens op die memorisering van feite. De Ridder erken dat hierdie sisteem vir lank gewerk het, maar veranderende tye vra vir skuiwe in denke oor hoe die kerk kennis aan jongmense oordra.

Wanneer De Ridder oor kennis binne die geloofsvormingsruimte gesels, gebruik sy die woord "ontdek" gereeld. Kennis is nie iets om oor te dra nie, maar iets wat in 'n "wow-oomblik" ontdek word. Kennis is nie "wow-oomblikke" op sigself nie. "Wow-oomblikke" gebeur wanneer kennis toegepas kan

word en sodoende wysheid word. Dan word dit beter in jongmense se lewende geïnternaliseer en geïntegreer.

De Ridder praat oor die magdom kennis wat beskikbaar is in die "information boom"-tydperk. Geloofs- of Bybelkennis kompeteer met soveel ander inligting, dat dit maklik in die massa verlore raak. Wanneer daar egter hierdie "wow-oomblikke" is, bly die kennis langer behoue. Geloofsvorming gaan dus nie altyd oor hoe die kennis oorgedra word nie, maar oor die *so what* van die kennis.

Die gevaar van die tradisionele wyse van geloofsvorming is dat 'n fokus op kognitiewe kennis alleen daartoe lei dat jongmense baie kennis het, maar min wysheid en min liefde vir God en die Bybel. "n Mens soek meer as 'n klein Google," meen De Ridder. Sy maak dit duidelik dat daar wel 'n plek vir kognitiewe kennis is. Die pendulum moet immers nie te ver terugswaai nie. Sy glo dat kennis van die Bybel nie noodwendig 'n liefde vir die Bybel kweek nie, maar dat 'n liefde vir die Bybel tog na kennis van die Bybel lei.

Een van die ruimtes waar kennis en

wysheid as "wow-oomblikke" ontdek kan word, is wanneer dit binne-in verhoudings gebeur. Die fokus in die ontdekking van kennis kan dus nie net val op die kennis self nie, maar ook op die bou van verhoudings wat hierdie ontdekking fasiliteer. Sy praat oor hierdie verhoudings in Covid-tyd: "Kategetiese in Covid-tyd het ons eintlik gewys hoe oneffektief dit is as 'n mens net kennis oordra en dit nie binne-in 'n groep of verhouding gebeur nie."

De Ridder verwys na 'n driehoek om te verduidelik dat geloofsvorming nie net oor die mentor/groepleier se verhouding met God (die vertikale streep) gaan nie, maar ook sy of haar verhouding met die jongmense (die horisontale streep). Die driehoek word voltooi wanneer die jongmense se verhouding met God (die tweede vertikale streep) ook ernstig opgeneem word. "As ons werklik glo dat God in elkeen is en deur almal werk, moet ons beseft dat ons ook by die jongmense kan leer," sê sy. "Ons is almal leerlinge van die lewe." Deur oop te wees om ook by die jongmense te leer en te ontvang, maak die kerk haarself oop om verras te word deur die mis-

terie van God en geloofsvorming.


Kennis word nie net in verhoudings ontdek nie, maar ook in praktyk. Om te leer fietsry, verduidelik sy, is immers nie iets waarvoor daar slegs geteoretiseer kan word nie. Dit vra dat daar deur aksie geleer word. Daarom is die uitdaging vir kerke om al meer op praktykgerigte kennis te fokus en om die ontdekking van kennis met aksie te kombineer. Sy praat van die belang van *agile learning* wat behels dat 'n mens die kar bou terwyl jy leer.

So wat kan kerke doen? Soms begin groot veranderinge by klein treetjies. Begin deur in kategetiese groepe oop vra te vra wat gesprekke ontlok en om geloofsgewoontes prakties in te oefen. Enige gemeente is welkom om De Ridder te kontak vir meer leiding en toerusting. Intussen word leiers genooi om ook na kinders te luister en saam te wonder. Geloofsvorming is immers vir almal, deur almal.

● *Ds Anriëtte de Ridder is die Predikant in Sinodale Diens vir Jeug- en Familiebediening in Wes-Kaapland.*

► *Ds Marileen Steyn is jeugleerster by NG Saldanha.*





Deur skryfwerk skep sy 'n ruimte van rus en refleksie

Die alfabet van oorvloed deur Lizette Murray
Uitgewer: Bybelkor, 2020
Resensent: Luané McLachlan

Wat 'n bederf was dit nie om *Die alfabet van oorvloed* deur Lizette Murray te lees nie! Elke hoofstuk is kort, maar treffend. Ek moes myself dwing om 'n bietjie stadiger te lees en elke gedeelte mooi te oordink nadat ek dit gelees het. Hierdie boek sal 'n uitstekende keuse wees vir enigiemand wat diep aangeraak en aan die dink gesit wil word, veral as jy dit geniet om tydens jou stiltetyd te skryf.

Die skrywer kry dit reg om met 'n paar eenvoudige paragrawe jou terug te neem na die kosbare herinneringe van jou kinderdae. Daardie oomblikke wat ons geneig is om te vergeet in die harwar van ons daaglikse lewe. Deur haar skryfwerk skep sy 'n ruimte van rus en refleksie, en nooi sy jou om 'n rukkie te sit en die kleiner oomblikke van jou dag te geniet.

Murray maak gebruik van elke sintuig en verskeie teksture in haar kortverhale, wat dit moeilik maak om nie meegevoer te word nie. Die ritmiese knie van deeg in haar ma se kombuis, die reuk van 'n plaashuis se volgepakte spens, en die stadige beweging van die son om tyd mee te meet, is maar net van die oomblikke wat my tot stilte en refleksie gebring het.

Ek vang myself nou gereeld gedurende die dag waar ek tot stilstand kom en die oomblik waardeer vir wat dit is. Ek soek die klein oomblikke wat vlietend is, maar gepak is met betekenis. Ek probeer self ruimtes skep vir myself en vir my gesin om stil te word en net te wees.

Hierdie boek is 'n goeie metgesel vir enige gesin (al is dit net jy en jou troeteldier!) en ek sal dit ook so aanbeveel.

► *Ds Luané McLachlan is 'n predikant op Murraysburg.*

Ontgin geloofsgewoontes van die vroeë kerk deur skrywer se lens

Leef lig deur Jaco Strydom
Uitgewer: Lux Verbi, 2021
Resensent: Neels Jackson

Wat behels dit om Jesus te volg?

Dit is nie so 'n eenvoudige vraag nie. Jesus self het volgens Markus 8:34 gesê iemand wat Hom wil volg, moet homself verloën en sy kruis opneem. Net daarna sê Jesus dat iemand wat sy lewe vir Hom en die evangelie verloor, dit sal behou.

En tog het Jesus volgens Matteus 11:30 ook gesê sy juk is sag en sy las is lig.

Jaco Strydom hanteer die saak aan die hand van vyf geloofsgewoontes waarvolgens die vroeë kerk geleef het.

Die vyf gewoontes is: 1) Tyd in afsondering en gebed; 2) Reis lig (dus sonder 'n verknogtheid aan besittings); 3) Leef in eenheid; 4) Wees goed vir jou vyande; en 5) Gee om vir die wêreld.

Dit is nie sake wat Strydom of die vroeë kerk uit die duim gesuig het nie. Dit is elkeen 'n gewoonte wat in direkte navolging van Jesus en in ooreenstemming met sy uitsprake gevolg word.

Ongelukkig is dit ook aspekte van die evangelie wat selfs in die kerk dikwels verlore gaan. Dit is maniere van leef wat teen die heersende kultuur indruis.

Een voorbeeld: Strydom skryf oor hoe baie voorwaardes daar vandag vir 'n gelukkige lewe is. Daar is, volgens die heersende kultuur, so baie dinge wat 'n mens moet hê om regtig gelukkig te wees. Ook die kerk dra swaar aan al die

strukture en hulpmiddels wat sy deur die jare versamel het "om beter kerk te wees". In die proses het die kerk die waarde daarvan om lig te reis, vergeet.

Strydom se bespreking van die vyf geloofsgewoontes is nie blote teorie nie. Hy skryf uit die ervaring wat hy deur die jare met die Echo-gemeenskap opgebou het. Daarom is dit duidelik dat dit nie so eenvoudig of maklik is om Jesus deur hierdie vyf geloofsgewoontes te volg nie.

Dit is uitdagend. Dit vra dat gelowiges Jesus se woorde ernstig opneem. Dit vra dat 'n mens jou middelklas-leefstyl bevraagteken en opnuut dink wat dit beteken om Jesus te volg. Uiteindelik vra dit dat 'n mens dit moet gaan doen.

► *Neels Jackson is 'n vryskutjoernalis en voormalige redakteur van Kerkbode.*

Leer hier meer oor 'teodramatiese' benadering tot praktiese teologie

Together in God's theatre deur Ian Nell
Uitgewer: Christelike Lektuurfonds, 2021
Resensent: Rethie van Niekerk

In *Together in God's theatre* skryf Ian Nell 'n inleiding tot praktiese teologie. Hy bied 'n opsommende oorsig van die vakgebied, veral vir mense wat dit nie vantevore al bestudeer het nie.

Nell gebruik 'n "teodramatiese" benadering tot praktiese teologie. Binne hierdie benadering word die verskillende fokusareas van praktiese teologie dan netjies verpak binne die raamwerk van verhoog, teks, plot en karakters. Die hoofstukke is logies gerangskik en hel-

der uiteengesit op 'n manier wat elke student se hart dankbaar sal laat klop, met 'n opsomming aan die begin en einde van elke hoofstuk.

Na 'n meer teoretiese oorsig gee die skrywer telkens 'n uiteensetting van hoe 'n spesifieke aspek van praktiese teologie neerslag vind, eerstens in hoofstroomkerke, daarna in Afrika Onafhanklike Kerke.

Dit is spesifiek laasgenoemde wat vir hierdie hoofstroomleser die hoogtepunt van die boek is, veral omdat hierdie kerke en hulle gebruike vir baie hoofstroomkerke nog 'n misterie is – al vorm hulle deel van die landskap van ons lewe.

'n Mens wil eintlik telkens hê Nell moet nóg oor hulle sê, 'n bietjie meer uitbrei oor die verskillende aspekte van hulle teologie en praktyk.

Ook die kort oorsig oor leiding (leierskap) in hoofstroomkerke ontsluit interessante perspektiewe, wanneer Nell praat oor leierskap se simboliese, hermeneutiese, performatiewe, inspirende en wees-dimensies.

● *Kerkbode* het die Engelse weergawe van die boek gelees, wat onlangs ook in Afrikaans vrygestel is as *Saam in God se teater*.

► *Ds Rethie van Niekerk is 'n predikant by Blouwaterbaai Familiakerk in Nelson Mandelabaai.*

Promosie

Nuwe geskiedenis en toekomsblik

In Januarie het 'n nuwe boek van 430 bladsye met 13 interessante tematiese opstelle oor die kontemporêre periode tussen 1990 en 2020, by CLF verskyn. Dit dra die titel van *Vier gereformeerde kerke in Suider-Afrika 1990-2020*. Dit is die resultaat van uitgebreide navorsing wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns geborg is. Dit is belangrik dat daar in moeilike en uitdagende tye soos tans, ook voorraadopname ge-

doen sal word van waar die kerke vandaan kom, maar ook waarheen hulle op pad is.

Die oorsigopstelle, deur prominente kerkhistorici in Suid-Afrika, dek die vier grootste gereformeerde kerke in Suid-Afrika, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk), die Nederduitse Hervormde Kerk (NHKA), die Gereformeerde Kerke (GKSA) en die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika (VGK-

SA). Die opstelle is gebaseer op deeglike literatuurstudie asook argiefnavorsing met betrekking tot die aksies en besluite van nasionale en ook streek-sinodes en vergaderinge van die genoemde kerke. Interessante temas in al vier hierdie kerke word dan vervolgens gedek, naamlik 'n fokus op ons tydsges, die manier waarop die Bybel geïnterpreteer behoort te word, verskillende aanbiddingspraktyke, die rol van vroue in hierdie kerke, rasseverhoudinge en

VERSTAAN die Bybel

Praat ons soos dissipels of alwetendes?

FANIE CRONJÉ

Jesaja 50:4-5 lei die derde kneglied (50:4-9) in Jesaja 40 – 55 in. 'n Direkte vertaling klink min of meer so: “⁴My Heer JHWH het gegee vir my, die tong van dissipels, sodat ek kan weet om te help die wat uitgeput is, met woorde wat weer opwek (energie gee); oggend vir oggend wek hy my oor op om te luister soos dissipels. ⁵My Heer JHWH het my oor oopgemaak en ek was nie opstandig nie; ek het nie weggedraai nie.”

Die kneg is die “dissipels”, dus leerlinge van die Here. Die kneg is nie 'n individu nie, maar sluit almal in wat ag slaan op die woorde van die Here. Wanneer die kneg praat is dit duidelik dat hulle leerlinge van die Here is. Hulle sê dit wat hulle by die Here leer.

Dit gaan hier oor die kneg se verhouding tot die Here en oor die aard en impak van hulle boodskap. Die kneg hoor wat God se wil is en kondig die boodskap aan soos hulle dit ontvang. Die klem op “dissipels” bevestig die feit dat hulle in gehoorsaamheid aan die Here hulle taak volvoer. Die kneg handel nie uit hulle eie uit nie en verkondig nie hulle eie boodskap nie.

Dat die kneg luister na wat die Here se wil is, is nie iets wat van tyd tot tyd gebeur nie. Nee, dit gebeur elke oggend, elke dag.

Omrede die kneg se boodskap van die Here af kom, gee dit mense moed, inspireer dit mense, gee dit hulle weer energie. Ons weet nie mooi wat die

presiese betekenis van die Hebreuse woord is nie, maar die strekking is duidelik. Ons sou kon sê dat God se woord by monde van diegene wat soos leerlinge praat, die lewe laat gedy.

Die kneg is so afhanklik van God dat hulle nie eens kan sê dat dit hulle self is wat so mooi luister nie. Nee, hulle Heer, JHWH maak hulle oor oop om te hoor. Die kneg bely hulle totale afhanklikheid van die Here. Die vermoë om soos dissipels te luister, is 'n gawe van God en nie menslike prestasie nie. Teen die Here se wil kom die kneg nie in opstand nie, hulle draai nie weg van hulle verantwoordelikheid om te praat soos dissipels nie.

Het dit nie tyd geword dat ons wat

onsself as knegte van die Here beskou, as mense wat sy wil onder alle omstandighede en in alle situasies wil verkondig, 'n slag eerlike introspeksie doen nie? Praat ons met die tong van dissipels, of met die tong van alwetendes? Praat ons soos mense wat al lerende op weg is, of praat ons soos mense wat meen ons ken God se wil klinkklaar, vers en kapittel?

Miskien sal ons debatte in die kerk anders lyk en ons nader aan die wil van die Here bring, indien ons minder alwetend en meer lerend met mekaar in gesprek tree.

► *Dr Fanie Cronjé is predikant van die NG gemeente Riviera-Jakaranda in Pretoria.*

TERUG NA DIE TOEKOMS

Ons durf Sharpeville nie vergeet

JOHAN VAN DER MERWE

Die gebeure op 21 Maart 1960 in Sharpeville moet vir altyd in die geskiedenis van Suid-Afrika, maar ook in die geskiedenis van die NG Kerk, onthou word as 'n waterskeidingsmoment.

Die rassekonflik wat tot die dood van 69 swart mense gelei het, het die rassebeleid van Suid-Afrika onder die vergrootglas van die wêreld geplaas. Die NG Kerk, wat die beleid teologies gefundeer het, kon dit ook nie ontkom nie. Een van die belangrikste gevolge van die gebeure by Sharpeville was die Cottesloeberaad wat van 7-14 Desember 1960 onder leiding van die Wêreldraad van Kerke (WRK) plaasgevind het. Na afloop van die beraad is 'n verklaring uitgereik wat die apartheidsbeleid

van die regering en die teologiese ondersteuning daarvan deur onder andere die NG Kerk, veroordeel het. Hoewel die verklaring met groot weerstand ontvang is en deur die onderskeie sinodes van die NG Kerk verwerp is, is die saadjies gesaai wat die kerk sou help om weg te draai van die Bybelse ondersteuning van apartheid.

Johan Botes is daarom korrek wanneer hy skryf: “Terugskouend was die Cottesloeberaad vir die NG Kerk 'n oomblik van waarheid, waar die kerk kon kies om volgens die wese van die kerk uit te reik, te luister, te reformeer en te bekeer. Na 'n lang worstelingsproses het die keerpunt in 1986 gekom toe die Algemene Sinode 'n nuwe beleidsdokument *Kerk en Samelewing* aanvaar

het. In die dokument is gesê dat:

- Die Bybel nie rasgemengde huwelike verbied nie.
- Die NG Kerk se deure oop is vir alle rasse.
- Die NG Kerk se lidmaatskap oop is vir alle rasse.
- Apartheid tot groot onreg gelei het en verkeerd was.

Reaksie op *Kerk en Samelewing* was hewig en het uiteindelik gelei tot die ontstaan van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) in Junie 1987. Dit het egter ook die deure oopgemaak sodat die NG Kerk op pad na die eerste demokratiese verkiesing in 1994, 'n versoerende rol in die samelewing kon speel. Tydens sy toespraak voor die Al-

gemene Sinode van 1994, het president Nelson Mandela daarna verwys toe hy die leierskap van die NG Kerk daarvoor bedank het.

In 'n land waar koue rassisme – dink Senekal en Brackenfell 2020 – dreig om weer kop uit te steek, is dit die roeping van elke lidmaat van die NG Kerk om te sorg dat ons nooit weer by 'n tweede Sharpeville aandoen nie. Die onreg in die samelewing wat baie lidmate van die NG Kerk tans beleef mag nooit die vuurhoutjies wees wat die rassekruitvat laat ontplof nie. Nou, meer as ooit tevore, is die NG Kerk geroep om 'n boodskap van vrede in hierdie land uit te dra.

► *Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.*

op NG Kerk en ander kerke

versoening, die kerke en armoede, eenheidstrewes en ekologie. Ten slotte word in twee opstelle nagedink oor die moontlike toekoms van hierdie kerke in die volgende dekade of twee.

Daar spruit baie praktiese nuwe insigte uit hierdie verskillende opstelle wat vir die gelowige konkreet in die lewe van elke dag veel kan beteken. Om net enkeles te noem: Daar moet besef word dat ons in baie vreemde en onstabiele tye, ook as gevolg van Covid-19,

leef; dat daar baie probleme in die kerk bestaan omdat daar nie altyd verantwoordelik met die Bybel en Skrifinterpretasie omgegaan word nie; en dat daar baie nuwe style van aanbidding in hierdie kerke in die afgelope tyd ontwikkel het.

Enkele terreine wat hierdie kerke verwaarloos het en waaraan hernude aandag gegee moet word, is byvoorbeeld die insluiting van vroue in kerklike werk, die saak van versoening in

ons land te midde van rassepolarisasie, 'n duideliker stem oor die groeiende en ontstellende korrupsie, armoede en werkloosheid, en die verantwoordelikheid van ook die gereformeerde kerke ten opsigte van die omgewing en die ekologie.

Die hoofredakteur, prof HOFFIE Hofmeyr, het afgesluit en gesê: “Dit word gehoop dat hierdie publikasie vir die vier grootste gereformeerde kerke in Suid-Afrika sal help om inderdaad te-

rug maar uiteindelik ook vorentoe te kyk ter wille van kerk en koninkryk. In wese beteken dit eintlik dat ons aan die basiese van die evangelie van verlossing en hoop sal bly vashou. Ons is so dikwels besig met dinge van sekondêre belang terwyl ons die belangrikste en die mees wesenlike van hierdie verlossings- en hoopboodskap in hierdie onsekere tye verwaarloos.”

● Bestel by info@clf.co.za of skakel 021 873 6964.

NG BURGERSDORP**Vakature: Leraar**

Die vakature ontstaan in die gemeente van Burgersdorp vanaf 1 September 2021.

Gemeenteprofiel:

- Burgersdorp is 'n plattelandse gemeente in die Oos-Kaap, ±260 km vanaf Bloemfontein en 60 km vanaf Aliwal-Noord.
- Lidmaantal: 470 belydend, 141 doop wat in 20 dorpswyke en ses plaaswyke woon. 277 lidmate ouer as 50 jr, 144 belydende lidmate is op plase.
- Slegs een leraarspos.

Leraarsprofiel:

- Behalwe die pligte vervat in Art 9, soek ons 'n energieke motiveerder wat ons tot 'n aktiewe dienende gemeente kan lei.
- Ons stel 'n hoë premie op Skrifgetroue prediking, maar ook met ruimte vir jeugbediening en lofprysing.
- Ons verwag van die leraar om aktief betrokke te wees by oud en jonk in die gemeente.
- Huis- en siekebesoek is vir ons baie belangrik.
- Die leraar moet gemaklik wees met die gebruik van multimedia en ander sosiale platforms.

Vergoeding:

- Volgens die Oos-Kaap se sinodale riglyne.
- 'n Pastorie is beskikbaar.

Aansoek:

Stuur 'n verkorte CV asook kontakbesonderhede van drie referente elektronies na: ngkburgersdorp@vodamail.co.za met verwysing: Vakature: Leraar. U moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en moontlik 'n preekbeurt.

Navrae:

Georg Putter (Leierouderling) 082 826 2826.
Karen Brits (Skriba) 051 653 1743 (Ma, Wo, Vry 8:30-13:00).

Sluitingsdatum: 30 April 2021.

Diensaanvaarding: So gou as prakties moontlik na suksesvolle onderhandelinge.

Die kerkraad behou die reg voor om nie noodwendig 'n aanstelling te maak uit die aansoek wat ontvang is nie.

NG GEMEENTE COLIGNY**VAKATURE: LERAARSPOS****Gemeenteprofiel:**

Plattelandse gemeente in die Noordwes-provinsie, geleë tussen Lichtenburg, Ventersdorp en Klerksdorp met 264 belydende en 43 dooplidmate. Lidmate is hoofsaaklik betrokke by die boerderygemeenskap en beshede in die dorp, terwyl heelwat in omliggende dorpe werksaam is. Ons gemeente bedien ook 'n tehuis vir verswakte bejaardes. Die gemeente beskik oor goed toegeruste geboue en 'n ruim, netjiese pastorie.

Leraarsprofiel:

Ons gemeente wil graag 'n leraar aanstel wat entoesiasies is oor sy liefde vir die Here en medemens. Ons verwag van die leraar om met Skrifgetroue prediking, pastorale begeleiding en toerusting die gemeente tot geestelike groei te lei. Covid-19 het 'n verandering in erediensbywoningspatroon veroorsaak en ons verwag van die suksesvolle kandidaat om onder hierdie omstandighede die gemeente en gemeenskap te lei om die evangelie onder alle ouderdomsgroepe uit te bou.

Algemeen:

- Die vergoeding en indiensnemingskontrak is onderhandelbaar.
- 'n Gemeenskapsprofiel is op aanvraag beskikbaar.
- Kerkraad van NG Kerk Coligny is onder geen verpligting om 'n aanstelling te maak nie.
- 'n Volledige CV met kontakbesonderhede van referente kan per e-pos gestuur word na die kerkkantoor: ngkcoligny@truenw.co.za
- Navrae: Kerkraad – Mnr Lemmer Vermooten, 082 493 3850
Skriba – Mev Frieda Cronje, 018 673 1108
- **Sluitingsdatum: 31 Maart 2021.**

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

Nel, Skriba, 03.03.2021).

NG KERK

BEROEP: Ds Christoffel Jacobus du Raan van Somers-Oos na Petrus Steyn, ds Renier Lourens van Neilersdrift na Tadcaster; ds Marietjie Steyn van Bloubergstrand na Kaapstad – Groot Kerk; ds JJ (Cobus) Swanepoel van Goodwoodpark na De Tyger; prop Cornelius (Neels) van Rooyen van Harrismith na Klerksdorp-Suid.

AANVAAR: Ds Tiesie de Coning na kerksondermure; ds Jannie Engelbrecht na Riebeek-Wes; dr Sebastian van Dyk van Lux Mundi na Kempton-Kruin; prop Cornelius (Neels) van Rooyen van Harrismith na Klerksdorp-Suid.

WES-KAAPLAND**EMERITAAT**

Ds Stephanus Jacobus Bredenhann van Parow-gemeente het op 28 Februarie 2021 geëmeriteer. Sy akte van emeritaat is op 28 Februarie 2021 tydens die erediens aan hom oorhandig deur ds Johan J van der Merwe namens die Ring van Tygerberg. (Geraldine Smit, Saakgelastigde, 10.03.2021).

NOORD-KAAPLAND**EMERITAAT**

Ds Johan Oosthuizen van NG gem Tadcaster se Akte van Emeritaat is op 29 Nov 2020 tydens die erediens aan hom oorhandig deur ds Martin Coetzer van die Hartswater-gemeente. (Pieter

KWAZULU-NATAL**KENNISGEWING**

Die 96ste sinodevergadering van KZN vind plaas vanaf Maandag, 24 Mei 2021 tot Woensdag, 26 Mei 2021. (Marlise Meter, 01.03.2021).

SINODESITTING

Die beplande datum (16-18 Maart) vir die sinodesitting van KZN, is weens die Covid-19-pandemie geskuif na Maandag 24 Mei tot Woensdag 26 Mei 2021 by die NG Kerk Hayfields in Pietermaritzburg. Registrasie begin om 08:30. (Marlize Malherbe, Skriba: Sinode van KZN, 09.03.2021).

VRYSTAAT**BEVESTIGING**

Dr DJ Venter, voorheen van NG gem Swartruggens, is op 28 Feb 2021 deur ds JG van der Watt (Org) bevestig in die NG gem Vrede. (Carin van Aswegen, Skriba, 02.03.2021).

GOUDLAND**EMERITAAT**

Ds RM Gilfillan van NG gem Coligny emeriteer op 31 Maart 2021. Sy akte van emeritaat sal op 28 Maart 2021 tydens die erediens aan hom oorhandig word. (Ds GSM Enslin, Skriba, 04.03.2021).

BEVESTIGING

Prop Cornelius (Neels) van Rooyen word op 7 Maart in die NG gem Klerksdorp-Suid bevestig. (Marinda van Rensburg, Saakgelastigde, 09.03.2021).

NG GEMEENTE LYDENBURG**VAKATURE: LERAAR (Onbepaalde termynpos)****Gemeenteprofiel:**

Lydenburg is 'n plattelandse dorp geleë op die Mpumalanga-Platorand. Die dorp het 'n uitstekende laer- en hoërskool asook verskeie kleuterskole. Ons is 'n diverse eenmangemeente wat grootliks bestaan uit 'n boerderygemeenskap, maar ook met beduidende sake en mynboukomponente. Binne ons grense val 'n tehuis vir bejaardes asook 'n sentrum vir verstandelik gestremdes.

Leraarsprofiel:

- Ons gemeente het 'n leraar nodig wat, behalwe die pligte vervat in Art 9, 'n energieke motiveerder moet wees wat ons tot 'n aktiewe dienende gemeente kan lei.
- Ons stel 'n hoë premie op Skrifgetroue prediking, maar ook met ruimte vir jeugbediening en lofprysing.
- Ons wil graag 'n leraar hê wat aktief by die jeug betrokke is sonder om die bejaardes af te skeep.
- Huis- en siekebesoek is vir ons baie belangrik.
- Die leraar moet gemaklik wees met die gebruik van multimedia en ander sosiale platforms.

Versorging/Vergoeding:

'n Vergoedingspakket sal onderhandel word. Pastorie op 'n ruim erf is beskikbaar.

Aansoek:

1. Aansoek sluit op **6 April 2021**.
2. Aansoek tesame met CV's (Waarby die name en kontaknommers van referente ingesluit is) moet gerig word aan:
Die Saakgelastigde, Posbus 56, Lydenburg 1120.
Tel: 013 235 3101.
E-pos: nglydenburg@lantic.net

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie noodwendig 'n aanstelling uit die aansoek te maak nie.

NG KERK PAARL-VALLEI**Vakature vir finansiële beampte**

Aansoek word ingewag vir die pos van finansiële beampte in die NG Kerk Paarl-Vallei se kerkkantoor.

Rekenkundige opleiding en/of vorige ondervinding van finansiële administrasie, veral in 'n NG gemeente, asook kennis van die Sage for Business Rekenkundige stelsel,

sal in die kandidaat se guns tel. Die pos behels werksure van drie dae per week van 08:00 tot 13:00 asook sekere ad hoc take soos deur die kerkraad toegewys.

CV's kan aan: Die Voorsitter, NG Kerk Paarl-Vallei, gerig word en by die kerkkantoor ingehandig word of aan info@paarlvalleigemeente.co.za gestuur word. Die kan-

didaat moet gereed wees om op 1 Mei 2021 te begin. Navrae kan aan die bostaande e-posadres gerig word of direk aan die voorsitter van die Finansiële Diensgroep by kockiev@icloud.com

SLUITINGSDATUM: 25 Maart 2021.

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selsorgeenheid vir 4. Veilige parking. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkoop-sentrums. Vanaf: R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693**. hanlidevilliers@webmail.co.za

KRUGERSDORP-NOORD: Gedeelte van woonhuis te huur in gevestigde tuin. Ideaal vir 'n eenmansaak bv beradingskamers ens. Naby besighede. Kontak E Swanepoel by 073 587 7242.

**VAKANSIE-
AKKOMMODASIE**

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL: 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

UVONGO: Selsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com



Die behoefte aan betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek groei by die dag.

Jou ondersteuning stel *Kerkbode* in staat om voort te bou op 'n geskiedenis wat terugstrek tot Januarie 1849 toe die eerste *Kerkbode* verskyn het met die oorspronklike doel om "godsdienstkennis te versprei".

Besoek www.kerkbode.co.za om uit te vind hoe jy 'n Vriend van *Kerkbode* kan word.

NG GEMEENTES WEENEN EN ESTCOURT / MOOIRIVIER**VASTE LERAARSPPOS**

Hierdie plattelandse gemeente het 156 belydende en 37 dooplidmate op Estcourt, wat Mooirivier en Weenen insluit.

LEREAARSPROFIEL:

Die volgende vereistes is van besondere belang met die oog op 'n beroep:

- Die posbeskrywing sluit die primêre funksies van die predikant in – soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.
- Sondae eredienste by Estcourt /Mooirivier een week en vlg week te Weenen.
- Die vermoë hê om tradisionele en charismatiese strome mense bymekaar te bring.
- Die diversiteit van twee kerke te kan lees en met sensitiwiteit daarvolgens hanteer.
- Leersuiwerend in alle fasette van gemeentewerk en persoonlike opbou van die gemeente.
- Kontak deur middel van Bybelstudies, huisbesoek en pastorale besoek, Estcourt, Mooirivier en Weenen.
- Troues en begrafnisse hanteer soos van tyd tot tyd benodig word.
- Die persoon moet betrokke wees by gemeentes-organisering en funksies.

POSBESKRYWING: Hierdie is 'n permanente pos.

VERGOEDINGSPAKKET: Onderhandelbaar, afhangend van ondervinding.

VOORKEURE: Die vermoë om elektroniese dienste te kan hou.

AANSOEKE: Stuur asseblief u aansoek en CV, met twee referente aan:
E-pos: chari@nmreng.co.za

NAVRAE: Chari, sel: 082 871 0123.

SLUITINGSDATUM: Woensdag 31 Maart 2021.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit enige van die aansoeke te maak nie.

NG Kerk Krugersdorp-Noord**LEREAARSPPOS**

Die kerkraad van NG Kerk Krugersdorp-Noord wag aansoeke in vir die pos van bediener van die Woord.

Gemeenteprofiel

- Die gemeente is 'n dorpsgemeente in Krugersdorp wat deel is van die groter Mogale City.
- Lidmaantal: ± 600 lidmate (Doop en belydend).

Kandidaat

Die aansoeker moet 'n gelegitimeerde van die NG Kerk wees.

Gratis huisvesting en mediese fonds.

Vergoeding en totale pakket is onderhandelbaar as ook aanstellingsdatum.

Aansoeke

- Alle aansoeke moet vergesel wees van 'n volledige CV en twee onlangse getuigskrifte sowel as die name van vier referente.
- Stuur volledige aansoek aan: Die Saakgelastigde: ngkdpnoord@absamail.co.za
- Kandidaat moet 'n vraelys voltooi wat by die saakgelastigde verkry word en teruggestuur vir aandag: Elsabe Streicher by e-pos: ngkdpnoord@absamail.co.za
- **Sluitingsdatum vir aansoek is 9 April 2021 om 13:00.**
- Kandidaat moet beskikbaar wees vir preekbeurt en onderhoud indien daartoe versoek.

Navrae: Les Vrey: Voorsitter Diensverhouding Kommissie – 083 375 1952.
Elsabe Streicher: Saakgelastigde – 011 665 2016 / 011 660 1790.
(Kantoorure 09:00 tot 13:00).

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie vakature te vul nie.

NG GEMEENTE BOTHAVILLE**VAKATURE: LERAARSPPOS****1. GEMEENTEPROFIEL**

- 1.1 Bothaville Moedergemeente is 'n plattelandse gemeente met 340 belydende en 102 dooplidmate.
- 1.2 Die gemeente is 130 jaar oud en bestaan uit 11 dorpswyke en vyf plaaswyke. Die hoof- ekonomiese aktiwiteit in die gebied is landbou en van ons lidmate is ook betrokke by besighede op die dorp. Ons gemeente het ook lidmate in Maranata-tehuis vir bejaardes.
- 1.3 Bothaville leen homself tot 'n gesonde en aktiewe leefstyl met toegang tot 'n goeie hoërskool, laerskool en drie plaasskole.

2. LERAARSPROFIEL

- 2.1 Vaardig om alle ouderdomsgroepe te bedien.
- 2.2 Dinamiese en goeie kommunikeerder en respekteer wedersydse inspraak van gemeentelidmate.
- 2.3 Ons fokus in die erediens daarop om die Woord met 'n tradisionele, Skrifgetroue en relevante prediking met innoverende denke te bedien, maar wel ook met groot ruimte vir jeugbediening en lofprysing.
- 2.4 Entoesiastiese deelname aan gemeente-aktiwiteite.
- 2.5 Pastorale, sieke- en huisbesoeke en persoonlike kontak met lidmate is belangrik.
- 2.6 Passie het, nie net vir die gemeente, maar ook vir die gemeenskap.
- 2.7 Nakoming van alle ampspligte, soos omskryf in Artikel 9 van die kerkorde as riglyn, in samewerking met die ander leraars binne die bedieningsraamwerk van die gemeenskap.

AANSOEKE

- Elektroniese aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV en kontakbesonderhede van ten minste twee verwysings.
- Kandidaat moet beskikbaar wees vir 'n moontlike preekbeurt en onderhoud indien daartoe versoek.
- Die vergoeding en indiensnemingskontrak is onderhandelbaar.
- 'n Ruim pastorie is beskikbaar.

RIG AANSOEKE AAN: Pre-advieskommissie. E-pos: ngbothaville@telkomsa.net

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: Vrydag, 1 Mei 2021.

DIENSAANVAARDING: 28 Augustus 2021 of soos oorgekom deur kerkraad en kandidaat.

NAVRAE: Pre-advies-kommissie – Llewelyn Niksch 083 453 1360.
Skriba – Adré Bruinette 056 515 2194 gedurende kantoorure.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG GEMEENTE SMITHFIELD**VAKATURE: VASTE TERMYNPOS (TWEË JAAR-KONTRAK)**

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die pos van die leraar.



GEMEENTEPROFIEL: Die NG gemeente Smithfield is 'n plattelandse gemeente, geleë in die Suid-Vrystaat, ongeveer 130 km vanaf Bloemfontein op die N6. Die gemeente bestaan uit 184 belydende en 30 dooplidmate wat verdeel is in vyf plaaswyke en drie dorpswyke.

LEREAARSPROFIEL: Daar word gesoek na 'n persoon wat verkieslik nie ouer as 35 jaar is nie, wat:

- 'n Entoesiastiese verhouding met die Here het;
- Met deernis na mense omsien;
- In 'n span kan saamwerk, asook in die breë gemeenskapslewe betrokke sal wees; en
- Getroud is (maar nie noodwendig nie).

(NOTA: Finalejaar teologiese studente is ook welkom om aansoek te doen, aangesien die aanstelling van 'n leraar eers na afloop van legitimisasie van studente sal plaasvind).

VERGOEDING: Skaal 1 volgens sinodale riglyne.

AANSOEKE: Aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV en kontakbesonderhede van ten minste twee verwysings.

Rig aansoeke aan: Pre-advieskomitee

E- pos: ngsmithfield@gmail.com

SLUITINGSDATUM: Donderdag 1 April 2021.

Kandidaat moet beskikbaar wees vir 'n moontlike onderhoud en preekbeurt.

Dana op reis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



Om die binne-chaos te verdryf

Wanneer ek op die langpad is, hou ek soms by kerke stil. Op dorpe en in die stad. Veral ou kerke, met 'n toring en 'n sipres of twee in die tuin. Afrikaanse kerke. NG kerke.

Meestal is die gebou gesluit as dit 'n weeksdag is, en dikwels is daar 'n tralieheining rondom die kerkterrein, maar gewoonlik is daar 'n koster of 'n werker wat vir jou sal oopsluit as jy mooi vra.

Die koster sal miskien saam met jou by die deur ingaan, en 'n bietjie hier verduidelik en 'n bietjie daar verduidelik, en jou dan alleen los om jou gang te gaan.

Dit is asof 'n mens meer respek vir 'n ander een se siel in so 'n ou kerkgebou het, selfs op 'n doodgewone Dinsdagog-

gend. Daarom maak ek seker ek los my selfoon in die bakkie wanneer ek uitklim.

Die lig. 'n Mens raak altyd eerste bewus van die lig in so 'n kerkgebou. Of die gebrek aan lig, want sulke kerke het dikwels loodglasvensters of gekleurde ruite. Soos dit behoort te wees.

Party mense sê dit is te somber vir hulle in so 'n kerk, te ouwêrelds, te styf en formeel. Dit voel soos 'n museum. Ek is juis op soek daarna. Die donker plekke binne-in my soek juis so 'n effense skemerte, wat ruik na meubelolie en opgegaarde stof in orrelype en genade en swaeltjieneste onder die dakkappe.

En die stilte – die byna formele stilte in 'n skemer kerkgebou laat jou nie toe

om te vergeet dat jou siel 'n baie ou ding is nie, maklik net so oud soos Adam en Eva self.

Eers sal ek 'n draai deur die kerk stap, al weet ek min of meer presies wat ek gaan aantref. In die konsistorie altyd die foto's van die gemeente se vorige leraars wat teen die mure hang. Die voorvaders. Ek het al soveel keer van hulle, hierdie voorvaders, probeer afskeid neem, maar hulle vind 'n mens altyd maar weer.

Tydsam sal ek deur die gebou stap: In die moederskamer 'n teddiebeer op een van die banke, op die gallery die orrel met 'n spieëltye bo-op waarin die orrelis kan sien wanneer die predikant en die ouderlinge en diakens instap. In die portaal 'n tafel met 'n Bybel of 'n liedboek of twee daarop wat iemand vergeet het, en die vorige Sondag se gedrukte afkondigings: Jeugaksie Woensdagaand om sewe. Kermis op 7 Augustus.

So 'n kerk het byna altyd 'n houtvloer, 'n vlamblyk blokkiesvloer, en voor die preekstoel staan die nagmaaltafel en die doopvont op 'n wynrooi tapyt. En op die kanselkleedjie die belofte: "Die Here kom."

Dan sal ek op een van die voorste banke gaan sit. Party dinge lê so diep in jou jy word soms self daardeur verras. Die oomblik wanneer ek daar voor in die kerk gaan sit, is dit asof my kop van self vooroor buig en dan gaan my oë toe vir 'n gebed, nes ek van jongs af gesien het die grootmense doen wanneer hulle voor die diens in die kerk kom sit.

Ek weet nooit mooi wat om in sulke oomblikke vir die Here te sê nie. Meestal vra ek maak asseblief net al die deurmekaar gedagtes in my kop stil.

"As soon as we are alone inner chaos

opens up in us," skryf Henri Nouwen iewers – en dis waar, so waar. "This chaos can be so disturbing and so confusing that we can hardly wait to get busy again."

Vir 'n hele ruk sal ek dan net stil daar sit en stil probeer toelaat dat die stilte stil by my insypel.

Dit was nooit deel van ons Afrikaanse kerklike tradisie om op 'n weeksdag vir 'n ruk stil in 'n kerkgebou te vertoef nie, alleen, of saam met enkele ander, soos in kerke en katedrale in Europa en op ander plekke. Dit is jammer.

Op soveel dorpe en in woonbuurte staan kerkgeboue ses dae van die week toe, die deure gesluit. Party kerke is besig om nutteloos te raak, veral in gemeentes wat sukkel.

Dit kon anders gewees het: 'n plaasboer op pad na die koöperasie wat eers by die kerk stilhou en daar instap, alleen, met sy hoed in die hand. 'n Vrou wat van die poskantoor af oorstap, by die kerkgebou ingaan en iewers 'n kers aansteek. 'n Man wat met 'n effense nadors ná 'n laatnag by een van die voorste banke gaan kniel.

'n Waardige plek van stilte in hierdie lawaaierige tye. Stemme, stemme, stemme. Ipads. Iphones. Facebook. Twitter. Zoom. Teams. Motors. Masjiene.

Natuurlik kan 'n mens die Groot Misterie se teenwoordigheid deur die stilte in jouself op enige plek opsoek. In jou bakkie. In die veld. Waar ookal.

Maar daar is iets daarin om op 'n doodgewone Dinsdagoggend uit 'n skemerige kerk op Steynsrus of Colesberg of Vanrhynsdorp te kom en 'n bietjie nader aan jouself te voel terwyl jy terug die helder son in stap.



Die preekstoel van die NG gemeente Steynsburg.

Foto verskaf



nbi nehemiah bible institute

Nehemiah Bible Institute

EMPOWERING CHURCH LEADERS FOR MINISTRY THROUGH DISTANCE LEARNING

Practical
Affordable
Africa focused
Accredited

Please SMS or WhatsApp on 062 887 4047
nbi@bmedia.co.za
021 864 8258
www.nehemiah.co.za

